

## HOOFSTUK VII

### DIE VEELVULDIGE DIENSTE VAN DIE NGAKA AAN DIE STAMLEDE

Om al die voorgaande bewerings oor die ngaka se posisie in die stamlewe beter te illustreer en sodoende ook ander fasette van sy dienste aan sy mede Batswana te toon, word nou by spesifieke aspekte van sy beroep stilgestaan soos die volgende:

#### A. BY DIE AANLÊ VAN 'N STAT

Te begrype, is dit 'n baie gewigtige saak, omdat volgens die Tswana opvatting hiervan gaan afhang of die verblyf van die stam op daardie plek voorspoedig sal wees of nie. 'n Mokwena beskryf dit (in Reyneke 1945 § 240) as volg: "Heel eerste moet die kaptein thaya (met kragmiddele versterk). Hy het die hele landstreek 'versterk', sodat waar ons so is, net hy die bul is... selfs as die kapteins van ander stamme sy stat aandurf sal hulle doodgaan. As ons oorlogtoe gaan, dan het hy die stat 'reggemaak' met kragmiddele en is 'n swart bees geslag."

Wanneer die stam om een of ander rede verhuis dan moet die nuwe aanleg eers 'reg' gemaak word voordat die volk kom, volgens 'n ou Kwena segsman: "Wanneer die stat met dipheko (kragmiddele) aangelê word, word 3 pale geneem en met kragself bestryk en hulle word geplant. Die drie pale stel die drie (afgestorwe) kapteins voor." (a.w. par. 241). Die belangrikheid van hierdie beveiliging kom aan die lig uit die verdere toevoeging: "In die ou dae, as 'n stat aangelê word dan moet die kop van 'n mens en die kop van 'n bobbejaan begrawe word. Hy en die bobbejaan is natuurlik die offerande aan hulle Modimo." (a.w. par. 241).

Die ander pale wat vervolgens geplant word, word almal met kragself besmeer wat onder andere die volgende bestanddele in het: luislang, 'n krokodil se tande, kop en vet; 'n leeu se maagvlies, 'n olifant se long, asook 'n hele paar plante wat elk 'n sekere eienskap byvoeg. So bv. naboommelk wat ondeurdringbaar sal wees vir 'n vyand, en *Tavaresia grandiflora* wat met sy honderde dorinkies 'n spervuur van assegaaië opbou om aanvallers af te weer. Nadat die kaptein se ngaka hierdie moeilike en verantwoordelike taak vir hom afgehandel het, sal die stamhoof met vrymoedigheid en gerustheid saam met sy stam daar woon, in die vaste "wete" dat hy nou daar heeltemal veilig sal wees.

#### B. DIE INSEËNING VAN 'N STAMHOOF

'n Besoeker by so 'n plegtigheid sien net die uiterlike vertoon, maar vooraf en na die tyd moet 'n baie

deeglike beveiligingsritus nagekom word, om te verseker dat sy onderdane gehoorsaam sal wees, dat hy met die nodige gesag sal kan regeer en dat in al die hofsake wat na hom gebring sal word, hy nie oorval sal word deur probleme nie. Vir 'n ngaka is sulke vereistes nie iets wat gesoek word in 'n persoon nie, maar eienskappe wat hy as ngaka kan teweegbring met die nodige aanwending van sy middele.

Wat die ampsaanvaarding van 'n kaptein betref sê Schapera (1938:60): "... when the Chieftainship was formally handed over to him. Before his public ceremony took place, it was customary for the leading magicians of the tribe to 'charm' the body of the new Chief (go mo alafa), so as to protect him from sorcery and also give him power to command the obedience of his people."

Die dingaka verduidelik verder: Om bv. te verseker dat daar 'n aanhoudende stroom sal wees van mense wat kos in die stat indra, is dit noodsaaklik dat daardie eienskap in die kaptein se kragmiddelhorng kom; en niks kan dit beter bewerkstellig nie, as die groot gestrepte grassnyer-rysmiere wat onophoudelik kos aandra nie. Om oorrompeling en same-dromming van persone by die kaptein te voorkom moet die ngaka 'n bestanddeel kry in sy kragmiddel vir die kaptein, wat dit sal bewerkstellig. Daarom gebruik hy koedoemis: "Die mis van 'n koedoe kom nie twee-twee langs mekaar uit nie. Hulle kom nā mekaar uit. Sō ook hierdie mense, hulle kom een op 'n tyd. As die een uitgaan, kom die volgende. Hulle sal net so mekaar opvolg!" (C.4). Hy voeg daaraan toe dat die ngaka in sy eie kragmiddel ook hierdie beginsel toepas om die aankoms van pasiënte te reël.

Onderhorigheid en gehoorsaamheid van die kaptein se onderdane is 'n absolute vereiste, want daarsonder sal hy nie sy volk kan regeer nie. Daarom moet die ngaka vir hom 'n fluit maak om dit te bewerkstellig. Hierdie fluit word seboka (versamelaar) genoem: "As die kaptein vir my sou sê: 'Maak 'n versamelaar!' dan sal ek 'n arend se vlerk-been neem. Ek sal dit aan die een kant toemaak met... die was van die mōka-bytjie. Ek gooi dan vet van die "vuursitter" seotamollo daarin, dit wil sê 'n mens ... ek neem dan die versameling van miere, fyngemaak, en ek gooi hulle poeier daarin, net 'n mespunt vol." (C.4). As proppie vir die fluit gebruik hy die witkatoenagtige nessie van die heuningvoëltjie omdat die voëltjie altyd op die selfde plek nesmaak. So sal die kaptein ook 'nesmaak' en daar oud word en geseën wees met spierwit hare.

Mensvet is hier vir die kaptein die kragtigste versterker moontlik. (Vgl. Hoofstuk X oor menslike liggaamsdele). Let hier op die ngaka se taal om sy doen en late vir die publiek te verberg: 'n Mens is 'n "vuursitter" - geen dier maak vuur waarby hy kan sit nie. 'n Stuk been van 'n mens word genoem: molala-tlhageng "hy wat in die ruigte lê". "Hierdie fluit moet die kgosi (kaptein) altyd by hom hê; dit moet net aan sy persoon wees. As hy 'n vergadering byeenroep

dan kan hy daarop fluit." (C.4). Die oningeligte sien miskien net 'n stukkie been aan 'n riempie om iemand se nek, maar vir hom wat dit dra en gebruik, lê hierin opgesluit: Mag, tot sy beskikking.

Net soos elke familiehoof moet ook die kaptein sy kragmiddelhoring hê, wat spesiaal vir hom berei word. Dit is vir die kaptein van wesenlike belang dat sy volk altyd getrou sal opkom na volksvergaderinge as hy hulle oproep. Nou is dit die taak van die ngaka om ook hierdie eienskap in die kaptein se kragmiddel te kry. Dit bewerkstellig hy soos in C-6 vermeld: "Die middel wat toegevoeg word, is die miertjies wat seboka genoem word, en ook die miere wat penane genoem word. Hulle funksie is: As hulle 'n byl hoor "kgo!" kap, dan kom almal uit tussen die barste van die stomp en soek hulle jou om jou te sien en om almal op jou te klim. 'n Mens net so, hy sal bly wees om jou te sien en te luister na wat jy te sê het." Die onderdane sal soos die penane miere toestroom na die kaptein elke keer wat hy hulle oproep!

Dit word as 'n "oortreding voor God" beskou om die 'byekoning' dood te maak want 'dan gaan al die bye dood'. Maar wanneer dit by die ngaka se kragmiddelhoring kom vir die kaptein, dan kan dit nie anders nie want dan sal "die volk versamel by die kaptein en sê: 'tsi-tsi-tsi-tsi' net soos die bye aan hulle koning. Dit is 'n groot geheim want daardie bye-koning' (koningin) sal nie gaan om te gaan werk sonder dat hy 'n liggaamsdeel het van 'n mens nie." (C.5).

Om hierdie horing dan te bring tot by sy volle sterkte moet nog 'n laaste motswako (versterker) bykom nl. Motse-o-modumo "Stat-vol-lawaaï". Hul ander naam is 'Versamel-die-volkere', nl. die klein bytjies wat in die grotte by die groot slange bly.

## C. KRISISTYE IN DIE STAMLEWE

Wanneer daar noodtoestande ontstaan wat die gemeenskap nadelig kan tref, dan is dit vir die ngaka se vindingrykheid 'n uitdaging, en een van die krisistye wat die meeste voorkom en waarvoor die ngaka se hulp dan ingeroep word is vir:

### 1. Reënmaak

Elke lid van die stam kyk voortdurend na die hemel, want vandaar kom sy voedsel as dit reën, teënspoed as die haelstene val, uitroeiing en hongersnood in tye van droogte, of sy dood as die weerlig tref. Te begrype dan dat ook in die stryd teen die natuurmagte die mens na middele sal soek om hierdie kragte te beheer tot sy eie voordeel en tot afwering van die onheile wat hom bedreig. Soos wat dit vir die ganse lewe van die Motswana geld, wend hy hom ook hier tot die ngaka wat by uitstek die kenner is van die kragte in die natuur en wat weet hoe om hulle aan te wend, teen mekaar te laat werk en so die negatiewe elemente deur die positiewe

te beheer. Vgl. Reyneke (1945:83 e.v.) vir 'n behandeling van die reëndiens by die Bakwena van Molepolole.

As die reën nie kom nie en die land word al droeër en hongersnood staar die volk in die oë, dan gaan hulle na die hoofman.

Heel eerste moet die onderkapteins na die hoofman gaan en hom vra om: "Vir ons te bid tot die badimo" (voorouergeeste). As die hoofman dit goedkeur, dan roep hy die morokapula (reën-dokter) om te help. Die stam gaan dan as geheel na die grafte waar 'n swart bees geslag word waarvan die ngaka dan sy 'medisyne' maak waarmee tot die badimo gebied sal word. Die volk sing en roep: "Ons wil reën hê 'n wit deurdringende reën" en roep die name van hul badimo uit.

As dit nog nie reën nie, dan stuur die hoofman 'n raadslid soos in die onderhawige geval na Louis Trichardt om 'n Venda ngaka te ontbied by Sibasa. Omdat dit daar en by die Balubedu so baie reën, is dit 'duidelik' dat hulle dingaka by uitstek reën kan maak. So 'n besoekende ngaka vra ook 'n swart bees om te slag vir 'n offerande aan die badimo. Sy hooftaak is egter om in die reënhut van die hoofman, die reën te 'maak': Slegs die hoofman en die ngaka gaan in die hut saam met een jong maagd. Daar is 'n hele aantal kleipotte in 'n sirkel, met verskillende kleure. So stel elke pot iets voor: 'n Wit kleipot stel die son voor; 'n groen-blou die wind; een wat rooi-bruin van buite en wit van binne is, die maan; 'n rooie hael; 'n gele die donderweer. In die middel staan 'n groot swart kleipot, wat die reën voorstel. Die een pot het 'n rivierriet in wat deurentyd aan die lewe gehou word. Intussen is al die maagdelike dogters gestuur om water te gaan haal met hulle eie kleipotjies. As die ngaka al sy voorbereidings gedoen het, kom hy uit en besprinkel hy en bestryk al die dogters se potte met medisyne en wit en swart merke.

'n Sekere Kgatla ngaka wys daarop dat: "As al die ongeregtigheid 'weggee' is sal die wolke van daardie plek hou, om die druppels bietjie meer te maak." (D.2). Hy bedoel met die 'weggee': die 'warmte' en 'onreinheid' van die veld, deur taboes wat nie nagekom is nie, bv. oor bome kap, likkewane doodmaak in die reëntyd, en vrugafdrywing, wat almal die reën weghou. Blinkblaar-wag-'n-bietjie, Sandgeelhout en Witgatboom mag nie in die reëntyd gekap word nie. (Vgl. ook Schapera 1938:262).

Om nou weer die land 'koel' te kry moet volgens bogenoemde ngaka die turflelie (*Crinum macowanii*), asook *Ammocharis coranica* en *Tephrosia polystachioides* fyn gestamp word en met vars water in 'n nuwe kleipot gesit word. Dit word alles met 'n bergboegoestok geklits. Nadat nog *Cissus quadrangularis* en maarman (*Urginea altissima*) ook bygevoeg is, word dit aan 4 jong dogters gegee om die kruispaaie daarmee te gaan besprinkel. Hulle moet dan met 'n wildebraamlat (*Pouzolzia hypoleuca*) op die kruispad slaan en almal gelyk

"Pula!" (reën!) uitroep. Hulle hou so aan van een kruispad na 'n ander, totdat die pot leeg is, waarna hulle by die waterkuil gaan was en huistoe gaan.

Die ngaka kan nie met sy eie vernuf die reën 'maak' sonder dat die volk ook meedoen nie, want nadat hy die reënmedisyne berei het, sê hy aan die stamhoof: "Ek het gemaak; laat ons nou bid vir reën." Hier vervul die ngaka weereens feitlik die rol van 'priester' wat eers die volk reinig en alles verwyder wat Modimo of die badimo kan aanstoot gee en dan neem hy saam met die hoofman die leiding in aanbidding, deur namens die hele volk te smek vir reën.

In teks (D.6) is 'n insiggewende beskrywing oor die mensoffer: "'n swartskapie in die veld", wat 'n noodsaaklike bestanddeel is om reënmedisyne te maak. Die verkryging van hierdie medisyne-slagoffer word behandel in Hoofstuk X. Die groot dokters mangaka a kôma sal dan vergader en: "die vlees van hierdie mens vermeng saam met die reënmedisyne. En dit sal reën in Augustus-maand."

Een ngaka wat vertel van vroeër jare se reëndiens sê: "In die reënhut, as hy 'versterk' word, dan moet Modimo daar wees en sy offerande aan hom gegee word. Modimako, (die gebeitelde houtpaal wat as God aanbid word tydens die stamskool), moet ook daar wees in die reënhut. (Reyneke 1945: tekste par. 94). 'n Ander Kgatla ngaka sê (in D.3) dat 'n groot paling 'n baie belangrike kragmiddel is by die reënmaakmedisyne. "Ons ontbied die reën met hom, saam met die ruggraat van die groot waterslang, en die reënvoël wat 'troupan' genoem word en ook die opdrifsels van 'n groot rivier: (die see)." Hulle word vermeng saam met die waterlelie en met "Roeper" (*Rhynchosia crassifolia*) en "die versterkmiddel daarvoor is 'n mens." Vroeg die volgende mōre moet die ngaka dan al hierdie middele op die berg brand "terwyl hy by 'n waterfontein is." Die waterslang hierbo genoem se naam is Kgogedi, en hy word doodgemaak deur beesvleis met naboommelk te smeer en langs 'n waterkuil te plaas waar die slang dit kan eet en dan doodgaan. (D.3).

In teks D.1 is 'n uitvoerige beskrywing van 'n reënmaak seremonie waar onder andere 'n besondere plant: *Tinospora caffra*, Morara gebruik is. 'n Swart bul is op die berg geslag en die baroka ba pula, die 'reëndokters' het hul prysliedere opgesê, terwyl die bees braai. "Die hoofman het voor die vuur gesit terwyl hy in gebed was, om te bid tot sy grootvaders en sy vaders... Hy het daar gesit sonder enige klere aan."

Die ongeveer 400 mans wat daar teenwoordig was kon die bees se vleis wat hulle sonder sout moes eet, nie opkry nie, waarna die res met bene en vel in die vuur gebraai is saam met die *Tinospora caffra* rankplant, terwyl die ngaka sê: "Ons het gesien 'n wolk kom in die weste op. Toe het ons geweet dat Modimo die gebed verhoor het, aangesien die wolk toe op ons 'gespoeg' het - toe die eerste druppels val, net toe ons begin terugkeer huistoe." (D.1).

Hulle moet dan eers weer teruggaan na die kgotla of stamvergaderplek waar die vrouens dan 'n 'kraal' om die mans en die kaptein vorm en van die Mogaga-plant ('maerman' - *Urginea altissima*) op hulle gooi en aanhoudend "Pula" (reën) uitroep. "Dit het net 'n paar minute geduur en toe reën dit... dat die paaie vol water geword het" sê die ngaka. Die een ngaka gebruik 'n interessante kragtige 'instrument', nl. Marothodi-a-pula moetapele mphe-lesedi. ('Reëndruppels voorganger, gee vir my lig'). (D.4). 'n Letebele van Suid-Rhodesië wat nou reeds vir 20 jaar tussen die Bakgatla woon het self so 'n 'instrument' en hy gee onderstaande aanwysings vir die maak van en gebruik van die beheerder van natuurkragte. Hy en ander dingaka beweer dat die ou Batswana ook vroeër hierdie 'beheerder' gebruik het. Hierdie kragmiddel of pheko is 'n klein kalbassie, en lyk soos die syfer 8. Dit is omtrent 3 duim hoog. In die sy van die kalbassie is 'n gaatjie gemaak met 'n deursnit van ongeveer 'n half duim. Hierin word dan 'n swart salf tshitlho (kragmiddel) gesit, asook 'n dun wit ystervark pennetjie, wat daarin opgefrommel is, en waarvan die een puntjie omtrent 'n halfduim uitsteek buitentoe. Die pennetjie simboliseer die wit hael.

Die swart kragmiddel se bestanddele is: 'n Stukkie pensvel van 'n krokodil; 'n stuk slurp van 'n olifant; die vet van 'n eland. Hulle is "koel" diere wat met water en voorspoed geassosieer word. Die eersgenoemde twee bestanddele word saam gebraai en fyngemaal en dan met die elandvet gemeng en saam met die opgefrommelde wit ystervarkpen in die kalbassie se boonste deel gedruk, waarna dit gereed is vir gebruik en wel as volg:- In die eerste instansie is dit feitlik 'n barometer van naderende weersomstandighede: Die kalbassie word op water in 'n skottel geplaas. Indien die kalbassie omval, dui dit op hael wat sal val. (Die hael-pen het omgeval). Indien dit regop bly staan dui dit op 'n jaar van voorspoed. Indien hy onderstebo sou draai en die 'kop' in die water steek, is dit 'n sekere teken van baie reën wat sal val. Hier vervul die kalbassie dus die funksie van die dolosse, om te voorspel wat sal gebeur.

Maar nou kan dit ook aangewend word om die natuur te beheer: As jy wil hê dat daar 'n deurdringende 'vroulike' reën moet val, sonder donderstorms, dan moet jy die kalbassie met die linkerhand vashou. Jy kan dit ook met die regterhand vashou indien jy 'n swaar donderstorm wil hê. Die kalbassie moet altyd binnenshuis gebêre word totdat reën verlang word. Dan dra jy dit buitentoe en wys dit na die wolke. As daar kwaai wind of hael kom, kan jy net die wit pennetjie na die wolke wys om die hael te verdrywe. Indien die weerlig swaar is, word die pennetjie ook net daarheen gedraai.

Onbevoegde persone mag nooit die kalbassie in die hande kry nie, want hulle kan 'n verskriklike verwoesting en ramp oor die land laat kom. Misbruik van die kalbassie, selfs deur 'n ander persoon, sal ook die krag van die ngaka verminder wat dit berei het.



Om dit na behore te gebruik moet die ngaka ook hier hom onthou van geslags-gemeenskap sodat hy hom nie miskien verontreinig nie. Ook mag jy nie met mense rusie maak nie, totdat van die nuwe oes geëet word. Dit mag gebeur dat die ngaka deur 'n kliënt gevra word om te verseker dat sy tuin genoeg reën sal kry. Twee dingaka het in (D.9 en D.11) die 'volstruiseier-behandeling' beskrywe: Reën hang saam met wind, en dit is belangrik dat die wind gereël moet word om van die regte rigting te kom, bv. uit die noorde in plaas van uit die suide. Die ideale middel is wanneer 'n jong volstruiswyfie in die veld gesoek en rondgejaag word. Dit gebeur dan soms dat die voël van pure skrik 'n eier laat val. 'n Gaatjie word in die eier gemaak en volgens (D.9) kom kragmiddele dan daarin wat sal waarborg dat "geen reën by jou sal verbytrek nie."

By hierdie preparaat moet ook nog gevoeg word: die mis van 'n krokodil, asook van 'n olifant, 'n buffel, 'n seekoei en 'n grootpootmodderpadda. Hierby word dan nog die volgende plante gevoeg: Lesisimogo, Moetapele, Mokaekae (*Ipomoea magnusiana*), Diragadibonwe en Mojakabomo. 'n Leeu se vet en mantelvlies sal ook nodig wees. Die mis van genoemde diere se waarde setel daarin dat daardie diere se blaarpense altyd 'water' (sap) het en nooit droog word nie, dus: "die wortel van water". Daarom ook: "is daardie mis die kragmiddele van die gediertes wat in die water bly." Al hierdie bestanddele word tot 'n salf vermeng in die eier wat met 'n kanniedood en olienhoutprop toegemaak word.

"Die funksie van die (volstruis-) eier is dat wanneer ek reën wil hê, dan maak ek dit oop in die rigting vanwaar die wind kom. (Die wind) sal dan mooi waai om die wolke spoedig te ontbied. Jy gaan naamlik na die middel van die tuin in die nag as die mense slaap, trek jou (klere) uit, sit plat op die grond en sit die eier op jou skoot en kyk in die rigting vanwaar die wind kom. Jy roep dan uit en wink met jou hande en sê: "'Laat hy kom! Laat ons mekaar raakloop! Laat ons bymekaar kom! Ek is nie 'n man nie, ek is 'n seun; 'n seun se sake kom reg Tsuku-tsuku-thir! Hare spruit uit op die kop hy is nie hard nie.'" (D.9).

Volgens die tweede ngaka kan hierdie selfde volstruiseier-instrument ook gebruik word om die wind te 'draai', bv. as jou oeste nog op die landerye is en jy die ryp nog wil keer, dan kan jy boskraaimis in die eier sit. As jy die prop uittrek en die opening laat wys na die wind, dan waai dit by die gat in. Die gevolg sal wees dat jy daardie koue wind nou gekeer het.

## 2. Oorlog

Die Bakgatla en ander Tswanastamme was nie een in die afgelope 80 jaar in groot stamgevegte of oorloë betrokke nie en gevolglik het hierdie aspek van 'n ngaka se optrede nie prominent na vore gekom nie. Nietemin werp twee van die dingaka lig op die gewigtige gebeurtenis in 'n stamlewe

wanneer hulle in die stryd moet gaan: Wanneer daar geveg word, dan kry die stamhoof 'n ngaka in wie hy vertrou het om die krygers en hulle wapens te 'dokter' sodat hulle nie oorwin sal word nie. Daar word dan 'n baie ou vrou gesoek "wat reeds in Modimo se hande is", en sy loop met 'n uitwanmandjie in die kaptein se beeskraal en wan medisyne daar uit. - Volgens Tswana gebruik word die kaptein se voorvaders in die beeskraal begrawe, en hierdie optrede is heel waarskynlik 'n oproep om hulle beskerming en hulp.

Wat die medisynes betref waarmee die krygers en hul wapens 'sterk' gemaak word vir die stryd, is die ystervark 'n belangrike bestanddeel: "omdat soos die honde, as hulle meen hulle kan hom vang, dan is daar nie 'n hond wat sal gaan wat nie 'n "assegaai" (ystervarkpen) in hom sal hê nie." (E.23).

Nie net die trefvermoë van die soldate moet goed wees nie, maar die vyand moet nie eens kans kry om sy kop uit te steek nie. Daarom word die kop van 'n krimpvarkie in die medisyne gemeng. Hulle sal "kop intrek soos die krimpvarkie en vlug." 'n Belangrike plant is hier die *Tavaresia grandiflora*. Dit is een van die *Stapelia* soorte met 'n duisternis van dorinkies, 'n versinnebeelding van net soveel assegaai wat die vyand sal oorval. Die Kgatla naam is dan ook: Pipina-marumo-dira-ga-di-bonwe.

Omdat dit hier gaan om krygers wat in 'n doodstryd gewikkel is, is die kragtigste middel in die preparaat die bloed van krygers. Om daardie rede, sê die ngaka "gaan ons die bloed neem van mense wat gedood is deur assegaai en ons roer dit in, naamlik die bloed van julle vyande soos wat hulle gedood word en vlug. Julle sal loop en bloed opskep en in die horing sit, terwyl julle dit saamroer en meng met die kragself." (E.23). Die beginsel wat hier geld, kry ons ook by die 'sprinkaan-bestryding' nl. dat jy van die ding of persoon wat jy beveg, neem en in jou kraghoringmengsel plaas. Dit sal die uitwerking hê op die horde wat aankom, dat hulle sal vlug, of dat hulle oorweldig sal word deur jou middele, net soos hierdie een uit hulle geledere. Die ander beginsel is dan ook dat daardie gesneuwelde 'n dapper kryger is, en jul soldate moet ook dapper krygers wees. Die feit dat hy gesneuwel het, is nie 'n teken van sy swaakheid of min krag nie, maar dit is jou medisyne wat so kragtig werk. 'n Derde beginsel kom uit in die byvoeging van bye, in jou kragmengsel, "want as jy dit nie insit nie, dan is daar andere wat net met, bye vir jou beveg." Dit wil sê daar is 'n beskikbare wapen - jy kan dit self gebruik, of anders oorlaat vir jou vyand om teen jou te gebruik.

Die wapens wat in die oorlog gebruik moet word, moet voordat die krygers uittrek 'gewas' word met elandsboontjie (*Elephantorrhiza elephantina* (vgl. teks E. 24)). 'n Deel van die magiese handeling bestaan daarin dat 'n assegaai hard in die taai wortel van die elandsboontjie gedruk word, en dat 'n seuntjie van ongeveer 7 jaar dan nakend moet probeer om dit uit te trek. Julle trek dan uit met



die wapens wat 'gewas' (behandel) is, "en nie een van julle sal sneuwel nie. Maar julle moet die assegaai so laat, in die grond vasgesteek. Julle het hulle (die vyand) nou in kinders verander net soos daardie kind. Julle is mans en julle veg teen kindertjies."

Om te verseker dat dit daar op die gevegsfront goed sal gaan, gebruik die ngaka: "'n mensvlieg wat nog lewendig is en 'n lewendige ding soos 'n mens of 'n bees. Daardie vlieg het 'toorkrag, vir oorlog...' Hy word gebruik in verband met beskutting te midde van die assegaai, en die koeëls... Dit beteken, die manne word nie getref nie." (Teks E.25). Die vlieg word nl. gemeng met die plant Tlhapadima (pr. *Lycium oxycladium*) en die heuningkoek van mōka-bye met jongby (vliegies); dit word gesit in die beesvleis wat die soldate eet voordat hulle uittrek na die gevegsfront. Sodra hulle in die geveg mekaar begin skiet, sal een van die vyand se soldate stik, "deurdat die vlieg in sy mond invlieg. Dan sal die assegaai hulle (die 'gedokterde' soldate) mis, want (die vyand) sal stik van die vlieë. Hulle sal almal so aanhou hoes, totdat die geveg beëindig is." (E.25).

### 3. Die leeu jag

Wanneer 'n leeu begin om van die beeste te vang en die mense by daardie veeposte of statjie skrikbevange is oor die roofdier se teenwoordigheid, dan word 'n hele ekspedisie uitgestuur om die leeu te gaan doodmaak. "Al die jagters word tuis eers deur die ngaka 'gedokter'. Hy smeer van sy salf op hulle voorkoppe en ook oor hulle harte en arms, sodat as hulle hom sien hulle nie moet weghardloop nie." (Reyneke 1945, tekste par. 248). Al hulle ledemate word ingevryf en hulle wapens moet gedokter word. Daar word krag-salf aan die assegaai en gewere gesmeer en die bek van elke geweer en assegaaipunt word in die rook van brandende 'medisyne' gehou.

Die jaghond moet voor loop en daarom moet hy ook eers 'n kragmiddel eet sodat hy die leeu gou sal sien en blaf, en "hy aan hom (die leeu) daardie middele moet oordra (deur sy blaf) wat ons hom laat eet het. ... Ons sal dan vind dat die leeu onnosel geword het en (ons sal) hom maklik doodmaak." Morokolo nl. noem-noem (*Carissa bispinosa*) se wortels wat fyngestamp is en oor die honde se pap gestrooi word, maak (volgens teks H.27) die honde kwaai. Die pitte van wilde-komkommer (*Cucumis zeyheri*) is ook 'n aanhitser wat die honde kwaai maak "sodat hulle tande moet jeuk en hulle dan net wil byt." 'n Ander belangrike bestanddeel van hierdie middel wat die hond moet eet, is die spoor van die leeu: "Hulle tel (die grond) op waar hy (die leeu) getrap het en meng dit met die middel en laat die honde dit eet... hulle doen dit sodat die (leeu) nie ver moet loop nie. Dit meen, hulle het hom getoor." (Reyneke 1945 tekste par. 251). Hulle sal hom dan vind waar die honde hom vagekeer het.

Net agter die honde volg 'n dapper jagter wat die jagmedisyne het en hy wink vir die ander jagters deur net op sy heupe te slaan. Indien die nag hulle sou oorval voor hulle die leeu gekry het, sal die ngaka van die jagmedisyne neem en in die vuur gooi. Die reuk van daardie rook sal die leeu dan afskrik sodat hy hulle nie oorval nie. Hy sal dan óf heeltemal wegvlug, óf hulle sal hom met gemak kan doodmaak.

#### D. DIE NGAKA IN DIE STAMSKOOL

Elke oorgangperiode in die Motswana se lewe t.w. die geboorte, inisiasie, huwelik en begrafnis is van soveel betekenis vir hom, dat dit nie maar net as 'n vanselfsprekendheid aanvaar kan word nie. Hy moet vir elk van hulle toegerus word met alles wat aan die stam eie is en veral ook weer die nodige 'krag' by die ngaka kry vir wat vir hom wag, veral teen die nuwe aanslae wat nou op sy lewe gemaak sal word. By verskeie Tswanastamme is die bogwera of stamskool reeds afgeskaf, soos bv. by die Ngwato, Kgatla en Kwena, maar by die Tlokwa en Maletse en Hurutse word dit nog beoefen. Die opperhoof neem die inisiatief wanneer daar 'n stamskool moet plaasvind en wel elke 8 tot 10 jaar. Na die stamskool sal daar dan ook 'n ouderdomsregiment (mophato) gevorm word. O.a. het Schapera, 1938:104-17; Breutz, 1941:110-12, en Language 1943:110-34 hierdie belangrike sosiale instelling by die Tswana behandel, en ook Eiselen 1928 en Mönnig, 1967: 107-128 by die Noord-Sotho.

Vroeër jare het die besnydenis en afsondering in die veld 'n baie belangrike deel uitgemaak van die stamskool. Gedurende daardie tyd moes die jong manne ontberinge verduur om hulle taai te maak. Ook is aan hulle voorligting gegee oor die wette van die stam en sosiale gedrag en volks-tradisies.

Vir die dogters was daar die korresponderende bojale. Dit het tuis in die stat plaasgevind en het gepaard gegaan met danse, gemaskerde optogte, en 'n vorm van fisiese operasie aan die bobeen. Dit het ook gepaard gegaan met voorligting aangaande huishoudelike aangeleenthede, geslagsvoorligting en gedrag teenoor mans. Veral van die vroeë skrywers het hieroor meer uitvoerige beskrywings gegee o.a. Mackenzie (1871:375-9); Fritsch (1872:205-7) en dan veral ook Willoughby (1909:228-45); (1923:128-38) en Brown (1921: 419-27); (1926:73-90).

By die Batswana word geheimhouding van almal verwag wat deur 'n stamskool is, en die dingaka veral, voel dat as hulle hierdie 'stamgeheime' openbaar hulle daarvoor met die dood gestraf kan word. Voordat die jongmanne veld toe kan gaan vir die stamskool, moet die ngaka eers die terrein beskerm teen toordery deur volksvyande: "Vooruit moet 'n ngaka gaan om die stat van die bogwera te thaya (beveilig). Hy beveilig dit met middele wat nl. die kop en vet van 'n krokodil is en die vet van 'n slang wat met die kragmiddel

vermeng is. Hy gaan om te 'beveilig' met dié (kragmiddel) in 'n (medisyne)-horing. - Dit is 'n geweldige kragmiddel. Hy sal dan by 'n boom aankom en dit 'beveilig' deur (van die middel) daaraan te smeer. Ook die ingang sal beveilig word deur die ngaka van wie gesê word 'hy het mooi hande'." (Vgl. Reyneke 1945 tekste par. 75-93 en Hoofstuk VII). Hierdie bogenoemde teks is van 'n Mokwena ngaka van Botswana, en wat treffend is, is dat van al die kragmiddele wat gebruik word soos in die talle tekste vermeld, hierdie een van die weinige gevalle is waar die totemdier se kop en vet in die kragmiddel gebruik word. In die reël mag 'n totemdier nooit deur die stamlede wat dit vereer doodgemaak word nie. (Vgl. Frazer 1924:689, Schapera 1953:35).

Soos wat verderaan ook verduidelik word, beteken doodmaak vir die ngaka in 'n geval soos hierdie nie om te vernietig nie, maar juis om 'n totemdier of selfs mens in sy volle krag daar te "plaas" om met sy wesenseienskappe daar te funksioneer.

Die 'mooi hande' (diatla tse di dintle) wat die ngaka van die stamskool moet hê, is verwant aan die 'koel hande' van 'n geseënde ngaka: d.w.s. nie warm en koorsig nie, maar koel en gesond en voorspoedig. Die rede wat dan in die bogenoemde teks gegee word, is dat hierdie ngaka se kragmiddel dan 'aangenaam' en geseën sal wees en "die seuns sal niks oorkom nie." 'n Belangrike vereiste vir die ngaka in hierdie tyd is geslagsonthouding vir drie of vyf dae voor hy die 'moeilike' werk moet doen, sodat hy 'sterk' kan wees. Wanneer die seuns na die kamphutte in die veld moet vertrek, dan moet die ngaka 'n swart bees slag vir 'medisyne'. Hy soek dan die vetterige vleis, braai hulle in 'n potskerf, meng dit met medisyne en kap dit fyn met 'n phalo of disseltjie. Daarna soek hy 'n groot potskerf en gooi dit saam met water daarin en medisyne. Vervolgens loop hy met die wildebeesstertkwas en sprinkel die wêreld nat in die rigting wat die seuns moet loop. Hierna kondig hy in die kgotla aan dat die seuns kan vertrek.

Die terrein waar die stamskool sal plaasvind word in 'n sirkel uitgelê en bestaan uit verskillende makgotla of sibbe-eenhede, waarin die seuns saam gegroepeer word. Hierdie Motse wa bogwera word ook vooraf deur die stamskool-'dokter' behandel. Vir die stam as geheel is dit van die uiterste belang dat hierdie seuns wat die opkomende geslag van krygers sal vorm, beveilig moet word teen toordery en ongediertes en sterk gemaak moet word met die aller kragtige ste middele. In die middel van die stamskoolkraal, is daar 'n oop ruimte met die 'gedokterde' boom in die middel. Hierdie ruimte heet sebata (ongedierte). Die hutte van die seuns wat rondom die boom gemaak word, is net van pale en gras. Ook is daar veekrake vir die beeste, o.a. die koeie wat gemelk word vir die mans en seuns.

Modimako was 'n groot gebeitelde paal in die stamskool met versierings aan. (Vgl. Willoughby, 1928:298).

Volgens Reyneke 1945: tekste par. 91 en 92 was Modimako en verskeie ondergeskikte 'gode' (Medingwane) wat ook uitgebeitel was daar in die stamskool, om die Opperwese en die gode voor te stel. Eiselen (1929:38), vermeld ook 'n soortgelyke paal by die Pedi. Die badimo of voorouergeeste was ook voorgestel, maar hulle was gewone ongebeitelde pale. Hulle word almal na elke bogwera verbrand en weer nuut gebeitel met die volgende stamskool. (Reyneke, 1945: tekste par. 90). Die regiment wat nou gevorm sal word met die seun van die kaptein as hul leier, sal dan voortaan altyd as groep lojaal bly teenoor mekaar en as regiment hul opdragte kry van die kaptein. Ook by die Pedi en ander Sothostamme kom wisselvorme van dieselfde gebruik voor. (Vgl. Eiselen 1929 p. 38) en Mönnig (1967:123).

Betreffende die besnydenis self word die woord go rupa gebruik, en die kousatiewe vorm: rupisa. Die uitdrukking ngaka met mooi hande, sien dan op die suksesvolle operasie wat behendig uitgevoer word deur die puntjie van die voorhuid met 'n legare (lemmetjie) af te sny. Die wond genees na 'n paar dae, maar dit gebeur soms dat van die seuns as gevolg hiervan of ander ontbering in die veld, omkom. Die stamskoolwagter, "lenong" (aasvoël) kondig sterfgevallen aan in die verskillende families deur 'n kleipot stukkend te gooi voor die lapa (omheining) van die afgestorwe kandidaat se moeder. Aan die stamhoof word na afloop van die stamskool gesê dat "sy kleipot nie mooi gaar geword het nie."

Frazer (1924:497) praat van stamme in Suidoos-Afrika (hy noem nie watter stam nie) waar daar in die stamskool sekere seremonies is, o.a. een om die jong manne sterk en dapper te maak. Hy sê hier dat wanneer 'n baie dapper vyand doodgemaak word, word sy lewer geneem omdat die lewer die setel is van dapperheid; en so ook word die ore geneem as die setel van intelligensie; die vel van die voorkop as die setel van uithouvermoë; die geslagsdele wat as die setel van sy krag beskou word en ook ander liggaamsdele word van so 'n dapper soldaat afgesny en verkool. Die fyngemaalde poeier word in 'n bul se horing gebêre en dan tydens 'n besnydenisskool verder met ander middele vermeng en wat dan aan die jongelinge toegedien word deur die 'tribal priest' - (wat natuurlik die ngaka is).

Eiselen (1928:68) sê: "Die dokter neem die voorhuid (wat hy met die inisiasie afgesny het) en meng dit met sy medisyne; hy bak dit en maal dit om later die volgende thaka wat na die berg kom daarmee te ent." In aansluiting by die ander opvattinge in die Tswana bongaka sou die afleiding met reg gemaak kon word dat die inisiasie van die jongmanne 'n rituele handeling is waardeur hulle as 'n hegte eenheid saamgesnoer word tot manlike dapperheid en opbouing van die stam.

Wat die ngaka by die Tswana-stamskool self doen word streng geheim gehou. Maar o.a. sorg hy: "dat Modimo ook sy ene kry." Die seun se vader sal daarvan weet maar

dink aan die "lewe van die volk". Op die laaste dag as hulle vertrek dan moet al die seuns hulle nuwe bekleding in die een hut gaan haal waar die stamskool-godheid Modimako is. Een van die plegtige oomblikke is wanneer die 'mensoffer' gegee word by die stamskool: "Dit word gesê dat in die bogwera (stamskool) kom die seuns nie almal uit nie. Daar moet net een agterbly; hulle dank hulle Modimo (god), Modimako, daar hy hierdie mens neem wat agterbly in die bogwera. Al die seuns se vaders moes vir hulle nuwe deurtrekkers, velkomberse en skoene kry. Die ou (klere) is by Modimo in die hut.... Die seuns moet dan ingaan om die nuwes te kry. Een na die ander kom elkeen eenvoudig uit met syne. As die laaste een ingaan word (die hut) toegemaak. Dan word hierdie hut aan die brand gestee, met Modimako binne in, en die seuns se (ou) klere, en hý: Modimo se mens. "Hulle was almal daar bymekaar. As hierdie (ngaka) net sê: "Hlose!" en aan die brand steek, dan is hulle weg! Hulle kyk nie agtertoe nie. Dit is dán wat hulle terugkeer huistoe. Alles: die gode en die voorouergeeste is dan deur die vuur opgeëet." (Reyneke, 1945: tekste par. 89, 90).

Dat jy jou gode en voorouergeeste, as pale voorgestel, en een van die mense deur die vuur kan laat 'opeet', bring mens treffend tot die besef dat vuur vir die Bantoe, soos ook vir baie van die ouer volkere, nie 'n vernietigende mag is wat 'verteer' nie maar 'n kragtige skakel is tussen die sienlike en die onsigbare: die materiële en die geestelike wêreld. Een ngaka het dit as volg gestel: vuur verbrand nie die medisynes nie, dit maak hulle sterker. Die rook wat optrek bv. van 'n leswalo (vetklont-preparaat) wat gebrand word, is ook 'n gebed om seëninge.

Die dolosse van die ngaka weerspieël in die een pryslied die weemoed waarmee na die dood verwys word in die lewe en in die stamskool:

"O God wat tref,  
 U tref die opperhoof dat hy sterwe;  
 Dat hy sterf in die beeskraal.  
 U tref die Bojale (meisieskool),  
 U roei hul regiment uit;  
 U tref die Bogwera (stamskool)  
 Ook hulle regiment roei u uit.  
 Wat is die skoonheid dan tog o God?  
 Is dit om te eet? Is dit om vet te word?  
 Of is dit om met ons weduwees te slaap?"  
 (Reyneke, 1945: tekste p. 35).

#### E. BEVEILIGING VAN DIE STAMGEBIED EN EIENDOM

Volgens die Tswana opvatting kan 'n mens nie maar 'n huis bou en daar in gaan woon of 'n takkraal maak en die beeste daarin jaag nie, of selfs nie die grond omploeg en maar jou saad saai nie. Daar is geen verantwoordelike werk wat jy 'sommer maar net doen nie', want in bv. al genoemde gevalle moet die ngaka eers daardie onderneming versterk en die sukses daarvan waarborg:

## 1. Beveiliging van die landsgrense

Die gebied waar 'n Tswanastam woon, word met 'n eenmalige behandeling (seserwa) beveilig soos in teks H.1 beskrywe. Dit gebeur sodra 'n stam trek na 'n nuwe gebied om hulle daar te vestig. Penne (dimepe) moet dan op die landsgrense ingeslaan word. Hierdie penne is omtrent 2 desimeter lank en is van 'n harde hout soos sekelbos gesny. Aan hulle word van die kragtige swart salf gesmeer wat in die medisynehoring is, wat die stamhoof se ngaka berei het. (Vgl. Hoofstuk IX). Vervolgens gee die stamhoof opdrag aan die jongmanne om uit te trek om die penne te gaan inslaan met 'n 'hamer' wat van mispel-hout (*Vangueria cyanescens*) gemaak is. Hulle draai nl. om by die grens, en kyk terug 'huistoe' en sit dan gehurk die penne en inkap. Die medisyne aan die penne word nie 'oud' nie en dien as permanente beskerming vir die stam, veral ook teen vernietigende hael. In sy Sepedi tekste vind Eiselen ook die gebruik van penne inkap vir landsbeveiliging by die Noord-Sotho (1928:62).

## 2. Beveiliging van die stat

Voordat die stamhoof die stamlede laat trek na die terrein waar hulle 'n nuwe stat gaan aanlê, gaan hy en sy ngaka vooruit om die gebied waar hulle die stat wil bou te beveilig. Dit is een van die belangrikste beveiligingsritusse omdat die hele stam se veiligheid daarvan 'afhang' (Reyneke 1945: tekste par. 250). Nadat die landsgrense beveilig is, moet drie pale geneem word wat die kaptein se vader, oupa en oupa-grootjie voorstel. In vroeër jare by die Kwena moes die 3 pale dan by die kgotla se ingang geplant word, "saam met die kop van 'n mens en die kop van 'n bobbejaan. Hy en die bobbejaan is natuurlik 'n offerande aan hulle God." (Reyneke 1945: tekste par. 241).

Vervolgens word nog baie pale geplant waaraan 'medisyne' gesmeer is. Hierdie medisyne is die poeier van 'n groot slang wat gebrui is. Dit is dan fyn gemaal en vermeng met ander plante: *Aloe marlothii*, *Tavaresia grandiflora*, *Osyris lanceolata*, en *Euphorbia cooperi* en kiepersol (*Cussonia paniculata*). Die teks lui verder: Noxa e tona - noxa ya potsana ya boiwa, xo bakanya mele wa motho. Letterlik vertaal: "Die groot slang - die slang van 'n bokkie (luislang?) word afgeslag om die mens se liggaam voor te berei." (1) Die teks gaan dan voort om te sê dat ook die krokodil (wat die Bakwena se totemdier is) se tande, kop en vet in hierdie kragmiddel gesit word: "sodat die krokodil ons nie sal doodmaak nie, maar net hy die 'bul' sal wees. Ook 'n leeu se borsbeen, om die middel kragtig te

---

(1) Dit wil uit hierdie teks wat in 1942 in Molepolole in Botswana aangeteken is, voorkom of die mens wat saam met die bobbejaan begrawe word in die luislangvel toegevoeg word of anders dan daarmee 'gedokter' word.



maak en dat hy dan vir niks bang sal wees nie, maar slegs op God sal wag. Van die olifant word die longe geneem."

Volgens een ngaka, moet die vuurherd ook beveilig word deur 'n klip met 'medisyne' te bestryk en dan te begrawe waar die vuur gemaak sal word.

### 3. Beveiliging van die tuiste

'n Mens se motse of stat moet beveilig word met 'n horing waarin daar van die bitterappel is vir geheimhouding, 'n letlakêlê-voëltjie se veer, asook bokvet, ratelmis en sebilo (grafiet). Nadat hierdie middele gemeng is, neem mens dryfsand van 'n rivier en vryf dit met die hande waarin van hierdie 'beskerm'-medisyne is. In die nag as almal slaap staan die ngaka op en 'saai' hierdie sand soos saad rondom die tuiste wat hy beveilig. "Enige mens wat in die nag sou kom, wat 'n moloi (toornaar) is, net sodra hy kom op die gelykte waar ek die sand gestrooi het wat 'gedokter' is, dan sal hy net daar bly staan en 'n verbasende waterkuil sien wat hom omring, en hy sal nie weet waarheen om te vlug nie. Hy sal daar bly staan totdat die son uitkom... As jy vroeg opstaan sal jy hom vind terwyl hy nog (daar) staan. Maar net as jy hom laat praat, dan is daardie water weg. Dit wil sê: jy het hom 'los gemaak'." (Teks H.2).

Hierdie laaste opmerking van dié ngaka skyn te verwys na 'n vorm van selfhipnotisme, wat oor die moloi sou kom, sodat hy dan daar bly staan totdat hy weer 'los gemaak' word as die eienaar praat. Geen Tswana-ngaka het egter na my wete enige melding gemaak van werklike hipnotisme nie. Die dingaka is baie lief vir hierdie 'waterkuil'-towery as beskermmiddel, om die vyand in sy spore te laat vassteek, sodat hy nie meer weet watter kant toe nie. Orals om hom is net water, en jy sal dan teen dagbreek kan sien wie dit is wat jou wou 'toor.'

Die gevare wat 'n man se huis bedreig, kom nie altyd van buite nie. Soms is die onheil hier vlak by jou: jou eie huisgenote, jou eggenote kan jou huislike lewe opbreek. Die een segsman sê: "Die lewe van 'n mens word natuurlik beheer deur sy tuiste. Of jy nou 'n leraar is, of 'n stamhoof of 'n ngaka - as jy nie 'n (aangename) lewe tuis het nie dan sal jy jou werk nie kan doen nie. As die ou mense sê Motse o lapeng - (die stat is in die tuiste), dan bedoel hulle dit op die vrou. Dit beteken dat die man se hele lewe en dié van die kinders afhang van hoe die vrou haar gedra." (H.5).

Die ngaka wat laasgenoemde wysheid leer, gaan dan voort om te vertel hoedat 'n vrou ook na wense gevorm kan word met die nodige behandeling, nl. "die genesing van 'n mens se gedragshouding". Die pheko of kragmiddel wat hiervoor gebruik word is die 'stokkies-huisie', ... net die nessie. Hierby kom ook die wilde-angelier (*Dianthus namäansis* Schinz) en ook die Phonyoka-plant (*Commelina erecta*).

Die 'omskepper' van die kragmiddel is: mensbloed, d.w.s. die bloed van die hoof van daardie huis, wat in die stokkies huisie gedrup word, nadat die ngaka bv. sy vinger gesny het. Die vier bestanddele moet dan fyngemaal word en in die lapa se drinkwater gegooi word. "En hierdie vrou, as sy die water sou drink, net één maal, sal sy verander en graag by haar huis wil bly... Sy sal by haar huis bly met liefde en onderdanigheid aan haar man, en ook sal sy nie die begeerte hê om ander mans te sien of deur hulle begeer te word nie. Sy sal alles vermy wat die huislike lewe kan opbreek van haar tuiste. ... Nou het jy vir haar gedagtes 'n tuiste gebou." (H.5).

Maar dit is nie net vrouens wat huise opbreek nie - mans is soms skuldiger daaraan deurdat hulle hul eie tuistes vergeet en ander huise se rus gaan versteur: "Indien ek op iemand afkom wat siek is, en dit 'n man is wat rondloop en (huise) verniel soos 'n grassnyerrysmier, dan sal ek die vrou jammer kry en haar help om haar huis op te bou." (H.5). Die behandeling is weer dieselfde, behalwe dat die vrou se bloed nou in die stokkieshuisie gedrup word en sy dan die fyngemaalde poeier in 'n kalbas bier gooi en vir haar man aanbied. "En hy sal verander... Die man sal graag deur sy vrou herinner wil word sodat hy sy huislike lewe kan opbou." (H.5).

'n Interessante beskouing kom hier na vore nl. dat aan 'n persoon iemand se bloed ingegee kan word om sodoende binne in hom 'n toegeneëtheid te wek. Hierdie tot standbring van harmonie tussen man en vrou word beskrywe in Hoofstuk IX, waar die oorsaak verwyder moet word vir die abnormale geboorte van 'n baba, omdat die vader en moeder se bloed nie harmonieër nie. Die man en vrou moet dan teenoor mekaar plat op die grond sit en die ngaka maak 'n sny onder die nael van elk van hulle en gee vir elk 'n stokkie om van sy eie bloed te neem en te smeer op die wond van sy maat, en sodoende hulle bloed te meng. Die volgende kind sal dan normaal gebore word. (Reyneke, 1945:73).

By die behandeling van die Lenaka la dipheko in Hoofstuk IX sal daarop gewys word hoe die ngaka die huis self 'beskerm' met die medisynehoring wat hy vir die hoof van die huis gee om in sy hut op te hang, en van tyd tot tyd te gebruik.

Eiselen (1928:45) vermeld hoedat A. Serote die voortdurende angs en tweedrag by kapteinskinders benadruk. Hulle vrees dat hulle broers of stiefbroers hulle sal toor, en ook hulle moeders het nie wedersydse liefde nie.

In (K.2) van die tekste beskryf 'n Kgatla Moruti leraar) se seun hoe die ngaka hul huis kom beveilig het:- "Hy begin toe om die huis te thaya (sterk te maak teen teenspoed) deur penne in te slaan van rosyntjebos wat met kragself besmeer was: een by elke ingang van die lapa." Die ngaka gee hom toe 'n medisynehoring met die opdrag dat as 'n

kind sou siek word dan moet hy 'n bietjie van daardie salf uitkrap en plaas op 'n gloeiende kool en die sieke dan die dampe laat inasem.

Inenting van al die kinders is niks nuuts nie, want: "as ek bloed sien in die lapa moet ek dit afskraap en in die kragself in hierdie horing sit; en dan moet ek al die kinders 'inent'. As ek dan nou almal so ingeënt het, sal hierdie toorbloed nie een laat siek word nie." Go tlhabela, 'inent': is om met 'n lemmetjie kerfmerke op die vel te maak en van die medisynehoring se salf daar in te vryf. Die ngaka gee ook aan hom 'n 'wasmiddel' waarmee al die inwoners hulle hande en voete moet was. Hy moet dan ook met 'n Mosetlha:huilbostak (*Peltophorum africanum*) die lapa besprinkel. Maar 'n huis moet reeds vroegtydig veilig word teen die magte van die natuur, soos bv. teen weerligslae: "in donderweer as die weerligstrale baie groot is en bome en huise tref." (H.6). 'n Belangrike punt om hier op te let by hierdie uitspraak is dat die weerlig nie altyd toordery is nie soos nog in Hoofstuk VII behandel sal word, maar dat dit ook voëls is wat in die wolke is en aan die brand slaan. So bv.: "As dit warm is, dan trek die hitte al die gewig van die voëls, as hulle daar (bo) is. Daardie hitte kom tot by hulle en dan slaan hulle aan die brand. Dan kom hy af en tref iets soos 'n mens of 'n dier." (Teks D.14).

Die ngaka moet die huis dan beskerm met sy medisynehoring waarin die mis is van die boskraai wat kleintjies het en wat sonder vere veilig in haar toegepleisterde boomstam sit. Ook die plant Moupatladi ('die weerligvoël-se-beksluiter') word geneem en die geel grond van Kwalaka naby Thabazimbi wat lôôpo genoem word. Al bogenoemde moet met die vet van die groot waterslang Kgogela vermeng word. Mollo-wa-lefatshe ('Vuur van die aarde') - die plant waar om, nie eers 'n skaduweetjie van gras' groei nie, en waarvan slegs die knolle onder die grond deur 'n kenner gevind kan word, word as een van die kragtigste middele teen weerlig beskou.

Volgens 'n ander ngaka is die poeierkwas (*Haemanthus pr. coccineus*) en die Serokolo met die knoffelagtige smaak, 'n goeie beskermmiddel om slange af te keer, sodat hulle nie in die huis kom nie. Dit kan ook gebeur dat 'n man agterkom dat tydens sy afwesigheid 'n ander man by sy huis kom kuier. Hiervoor moet hy die nodige middel van 'n ngaka kry, nl. Mhetola ('Verandering' - *Indigofera pr. hilaris*). Dit word in 'n ring gevleg en begrawe in die voetpad waar jou vrou loop. Jy noem dan die man se naam en sê: "So-en-so, ek wil van jou hê dat jy moet gaan sit!" - Dit is al! Jy sal hom dan ewe opgeruimd aantref in die lapa (tuiste) want hy het haar spoor 'opgetel' (met grond) en het dit 'gedokter' met hierdie selfde plant. Hy het dit nl. in sy medisynehoring gesit met haar spoor en gesê: "Kom hier!" (K.18). Nou sal jy weer met dieselfde middel "sy assegaai afkeer" want jy meng dit met 'n kragmiddel waarvan jy weet dat dit boima 'gewigtig' is en in staat is om daardie toordery te keer.

#### 4. Beveiligingsritus vir die beeskraal

'n Belangrike voorsorgmaatreël om vir jou beeskudde te tref is om te sorg dat hulle nie vanself wegloop en vir jou veel moeite veroorsaak om hulle weer te gaan soek nie. Om net met jou mond te praat en te sê: "Bly hier!" sal nie veel help nie. Maar deur die nodige middele aan te wend, kan daardie resultaat tog verkry word en sal jou kudde weier om van hulle kraal weg te bly. Die belangrikste pheko of kragmiddel hier is die miskruier (vgl. H.12.b), wat gebraai word, fyngemaal en vermeng met verskeie plante, teweete: Moologa:bergboegoe (*Croton gratissimus*), Mabofe;(Cissus quadrangularis), Mokaekae:(*Ipomoea magnusiana*), en Makokoane; vermeerbossie (*Geigeria africana*. Gries. subsp. *ornativa*). Hierdie plante word fyngestamp en in 'n stywe vetklont gedruk met luislangvet, en pofadder. Ook kom room van die beeste se melk daarby. 'n Stuk van hierdie vetklont word in die middel van die kraal en ook by die ingang aan die brand gestee. Dit word in die aand gedoen in enige maand as die nuwe maan verskyn.

'n Bolplant Tshuku-ya-pôô;(Hypoxis rooperi S. Moore) word gegrawe en die boonste deel afgesny wat diens moet doen as dekseltjie. Die bol self word uitgehol en volgemaak met die vetklont-medisynen waarby van die urine van al die beeste, groot en klein, gevoeg is. Nadat die deksel weer opgesit is, word die bol in die middel van die kraal begrawe. Van nou af sal die beeste hul kraal nie vergeet en verdwaal nie. Die miskruier is natuurlik nou in die medisyne, en in die middel van die kraal. Hy is onafskeibaar van die beeste, aangesien hy hul mis 'eet'. So bly hy dan by die kraal en skree net: "Bôô! Bôô!" om hulle terug te kry elke aand. Hulle sal dan weer vars mis daar vir hom laat. - In Hoofstuk XI word verduidelik hoe 'n 'dooie' dier of insek nog sy lewende eienskappe behou, volgens Tswana opvatting. In Teks H.13 word die bestanddele van hierdie voorspoed prepraat verder bespreek.

'n Man kan natuurlik maklik uitgeroei word as daar een of ander soort pessiekte onder jou beeste kom, en as die eerste bees of twee aan 'n onverstaanbare siekte doodgaan, dan moet daardie pes dadelik stopgesit word. Niks is beter as om die siekte te "vang" en "begrawe" nie. (H.13). Tshuku-ya-pôô:(Pl.913 Hypoxis rooperi S. Moore), die bolplant met 'n mooi geel blommetjie, het 'n baie taai gom, en daarom word die bol geneem en die 'kop' afgesny en die bol uitgehol. Stukkies word nou afgesny van die gevrekte bees se oor, neus, tong, blaarpens, maag, niere, lewer, hart, longe, al vier sy kloutjies en stert, en in die uitgeholde Hypoxis bol gesit. Die 'deksel' kom weer op en word dan met dorings vasgestee. Hierdie 'doodskis' van die siekte word dan by die ingang van die kraal begrawe. Dit is dan 'n 'hek' om te keer dat die siekte nie weer in die kraal kom nie. Ook hier sien die ngaka op na sy Skepper om hulp, want terwyl hy dit doen praat hy hardop en sê: "Laat hulle gesond word, laat hulle gesond word. Laat die siekte ophou."

Daar kan natuurlik droogtes kom in Botswana, wat so erg word dat met tye tot 'n derde van die beeste omkom. Maar ook hier is daar raad. Die ngaka neem die Morama plant asook die groot pragtige lelie wat in die turf groei Ledutla: (*Crinum macowanii*) en Moralla. Hulle kan almal droogte trotseer en hou selfs 'water' in die bol (vgl. H.14). Die been van 'n krokodil is ook hier nodig want "'n krokodil het nooit 'n tekort aan water nie." (Vgl. Hoofstuk VII).

Die Bakgatla, net soos al die Batswana heg 'n baie besondere waarde aan hulle beeste, wat dan ook 'n belangrike plek inneem in hulle maatskaplike lewe, soos by huweliksluiting en hofsake. Daarom is dit dan ook te begrype dat die eienaar van dié kudde hulle kort-kort besoek en voortdurend onder voorskrif van die ngaka wat die rol van veearts vervul hulle "was" en "verlig" en beskerm teen afdwaling of diefstal. Een ngaka gee dan ook hier 'n beskrywing in (H.12) van so 'n beskermingsbehandeling. Hy neem nl. twee sekelbospenne (dimêpê) wat hy by die ingang van die beeskraal, inslaan nadat hy hulle met die kragself uit die horing bestryk het. Daarna neem hy 'n paar plante waarvan Nthagaraga: (*Stomatostemma monteiroae*) belangrik is omdat dit 'n 20 of 30 patatagtige bolle het. Die plant vorm nl. 'n motse of stat om sy stam, en hierdie eienskap moet op die aanteelvermoë van die beeste oorgedra word. Ook kom nog Mogaga; maerman (*Urginea altissima*) en die gewone grasalwyn (*Aloe transvaalensis*) daarin, maar die belangrikste is 'n hamerkop se nes.

Hierdie was nogal 'n merkwaardige waarneming toe ek by my ngaka-ouderling se huis kom en 'n hele mandjie vol vuil stokke op die tafel sien met 'n askleurige stof tussenin. Toe ek hom vra: "Wat se stokke is hierdie?" sê hy: "Dis 'n hamerkop se nes." En op 'n verdere vraag: "nou maar waarvoor", toe verduidelik hy: "As ek die hamerkop byvoeg, dan is dit sodat indien iemand sê hy neem hulle, d.w.s. dat hy hulle (die beeste) steel, dan moet hy (die hamerkop) met hom beklei, daardie dief, dat die beeste kan vlug en terugkom." (H.12). Hy het toe ook verder verduidelik hoedat 'n hamerkop sy nes beskerm, en deur hierdie nes in die mengsel waarmee die beeste besprinkel gaan word te sit, word dié nes daarmee op die horings van al daardie beeste geplaas. Sodra enige dief probeer om die beeste te steel, dan sal die hamerkop op hom afstorm en sy oë uitkrap, en hom verjaag!

Die visarend se funksie hier is "vir die groot rykdom". Hy vlieg hoog in die lug en roep na alle kante toe en skreeu: "Hier, laat daar rykdom kom." Nadat hy al hierdie middele vermeng het neem die ngaka sy seditse (beestert) en stap in die kraal in en (kgatša) besprinkel al sy beeste met die kragtige medisyne wat in 'n emmer water geroer is. Nou moet hy nog net die lig aansteek: Hy neem naamlik 'n droë splinter van 'n Ngogo:naboom (*Euphorbia ingens*), wat met 'n helder vlam brand, druk dit eers in die beeste se medisynehoring met die kragself, steek dit dan aan die brand en stap tussen die beeste rond terwyl hy al die tyd sê: "Laat ons mekaar ontmoet!" Dit is dan 'n uitnodiging



aan enige moloi of persoon wat sy beeste wil toor, om te kom! Hy is reg vir 'n kragmeting. Die implikasie as daar dan niks gebeur nie, is dat almal bang is vir hom en sy sterk medisyne!

'n Veeherder van Botswana het nie doringdraad om sy beeste af te kamp nie. As jy nou 'n goeie bul het, dan wil hy darem nie daardie bul deel met almal in die omgewing nie. Daarom moet daardie bul 'gespan' word met 'medisyne' sodat hy getrou sal bly aan sy eie kudde en ander beeste sal ignoreer, selfs waar hulle tussen mekaar na die gemeenskaplike weivelde en suipings gaan, waar dikwels honderde beeste van heinde en verre bymekaarkom. Hiervoor gaan sit die ngaka in die middel van die beeskraal, met al die beeste ook daarin. Hy maak dan 'n miniatuur-kraaltjie en plaas daarin 'n stuk van die voorspoed-preparaat, wat hy druk soos 'n kegel of piramiede. Hy steek nou die puntjie aan die brand, en dit gee dan 'n rook af. (H.10). Die beeste sal al om hierdie kraaltjie die rook opsnuif en sodoende aramela (trek) hulle die krag van die middel in.

Die ngaka gaan nou na die 'moeder' van die kudde en knoop 'n bolletjie van hierdie vetklont in haar sterthare vas. Hy gaan dan na die bul en nadat hy Mathaalole: (Pavetta zeyheri) en Bosuko-ba-pôô: (Hypoxis rooperi) - plante wat fyn gestamp is, met room van die beeste gemeng het, stryk hy dit aan 'n Moretlwa-lat: (rosyntjiebos - Grewia flava) en gee die bul daarmee 'n goeie raps en gooi die lat voor hom neer. Daarmee is die bul dan terselfdertyd aktief gemaak en ook 'gespan' om net by sy eie koeie te bly. (H.10). --"om 'n kraal so te 'dokter' beteken dat jy die beeste 'was' sodat hulle 'skoon' kan wees in die oë van die bul." Die vergoeding sal 'n kalf wees van daardie bul.

Die horing vir 'n beeskraal is anders saamgestel as vir 'n stat of vir die huisgesin, want bestanddele wat hierin moet kom, is ook nog volgens 'n ander ngaka: die miervreter, die snawel van 'n aasvoël en die neus van 'n wolf. Laasgenoemde twee kom heel waarskynlik in om te verhoed dat die beeste met 'n aasvoël en wolf-pheko (kragmiddel) getoor word en dan deur hulle verslind word. (Vgl. H.11). Ook brandnetel, rosyntjieboswortel en mispelwortel moet daar bykom, sowel as die Leswama-plant. Al die bestanddele word verkool, fyngemaal en met bok- of skaapvet vermeng en in die medisynehoring vir beeste gesit.

## 5. Watervoorsiening

Dit is natuurlik van lewensbelang vir die beeskudde, en ook vir die Motswana, dat hy altyd drinkwater sal hê, veral al langs die oosgrens van die Kalahari waar baie min lopende water is. 'n Ngaka wil dus graag ook hier van hulp wees by die grawe van putte in of langs rivierlope. In H.9 vertel een ngaka in Botswana dan hoe hy 'n put se welslae verseker: Hy neem Ledutla la selôkô: die turflelie (Crinum macowanii), Ledutla la thaba: die poeierkwas (Haemanthus pr. coccineus),



Motlapatlapa: gifbol (*Boophane disticha*) en Tlhobokwe: (*Tephrosia polystachioides*). Die prosedure is om vier ringe te vleg van kweekgras en elk van bogenoemde bolle bo-op 'n ring te 'plant' op die vier hoeke van die put wat gegrawe word, "sodat as die gras begin groei dit die water kan bereik".

Die idee is dat die wortels van hierdie 'waterryke' bolle afgaan en die water uit die aarde optrek, "sodat die put nie gou moet opdroog nie, maar dat dit 'n groot fontein daar moet wees." (H.9).

#### 6. Beveiliging van die landerye en oeste

Dit is nie net 'n man se huis, familie of beeste wat getoor kan word nie maar ook sy tuine, saad, of selfs die plante terwyl hulle groei. En daarom moet die land self beveilig word, sowel as die saad 'gedokter' word. Vyf rosyn-tjebospenne (dimêpê) word met die swart salf in die horing vir die lapa bestryk en binne die 4 hoeke van die takomheining van die land of tuin ingeslaan, sowel as 'n vyfde een in die middel. 'n Bietjie van die saad wat gesaai gaan word, word nou tussen die handpalms met 'salf' uit die lapa-horing gevryf en dan tussen die ander saad ingeroer. Hiermee sal al die saad dan behandel wees. (K.2).

Twee dingaka het ingewillig dat 'n film van hulle geneem word waar hulle 'n tuin 'dokter'. (H.18). Soos die een gesê het: Die eerste deel van die behandeling is om te verhoed dat indien 'n moloi tussen die plante sou rondstap, dat hulle 'skrik' en nie meer mooi groei nie. Om dit te bewerkstellig moet daar 'wagters' in die tuin opgestel word, en dié is die mispelboom. "Die mispel is 'n bul, en ook is hy koel, want hy het nie dorings nie."

Om 'n tuin wat reeds getoor is, d.w.s. waarvan mens kan sien dat die plante sieklik is, weer reg te kry, moet die ngaka die hele tuin 'onttoor' (foka). Hy gaan dan soos volg te werk (vgl. H.18 en H.17): Hy gaan heel eerste met sy graafyster om nege verskillende plante te gaan uitgrawe nl.: Mpitike, Sejabaleki, Tlhoka-botshwarwa, Pelo-botlhoko; (*Dicoma shinzii*), Mogabala, Mabope; (*Cissus quadrangularis*), Tshika-dithata; (*Lasiosiphon kraussianus*), Kgophane; (*Aloe transvaalensis*), Thetsane; (*Schizocarphus*), Mogaga; (*Urginea altissima*), Morarwana, Moralla; (*Gardenia spatulifolia*), Mosimama; (*Sinecio longiflorus*). Al hierdie plante word fyngekap, in 'n potskerf met water. Dan neem die ngaka vier of vyf koringplante van so 'n voet hoogte en maak daarvan 'n seditse of 'kwas' waarmee hy nou die hoeke en middel van die tuin of land natsprinkel. Die oes sal dus deur niks gehinder word nie behalwe die son. "Dan is dit Modimo wat dit gedoen het, want niemand kan vir die son voorskryf nie." Nadat hy sy oes gekry het, vergoed die eienaar die ngaka met 'n bees.

Elk van die plante wat gebruik word het 'n spesifieke eienskap en funksie en kom daarom in die mengsel: Mpitike (Rol my om) wat 'n giftige plant is, is om die

toordery te beveg. Pelo-botlhoko: (vermeerbos) (*Geigeria passerinoides*) - is om die toornaar wat die eienaar se hart seer gemaak het te 'toor' sodat sy hart ook sal seer word. "Dit meen: ons 'gooi' hom daarmee." Seja-baleki: 'eter van toornaars' (*Scilla lancifolia*) is bitter en jeuk en word ook na die vyand 'gegooi'. Mabofe: 'saambinder' (*Cissus quadrangularis*) - bind hulle almal saam tot 'n eenheid. Ook het dit daardie moloi se nek gebind. Die implikasie is: "As die toornaar nie die malepa (raaisels) van daardie plante ken nie, dan sal hy homself nie kan behandel nie." (H.16). Die ander plante is om die toordery 'uit te was' uit die plekke waar hulle getoor het. Die Mogaga-plant: (*Urginea altissima*) moet onreinheid van die land wegneem, sodat as die reën kom, hy nie sal skrik nie. Die behandeling van 'n land is baie noodsaaklik, anders kan jy in die oestyd vind dat jy net 'n klomp kaf het en geen koring nie (K.8).

Afgesien van beveiliging van jou land en oes, is dit van net so veel belang om seker te maak dat dit op jou tuin sal reën, en dat die hael daar weg sal bly. In H.15 sê die een ngaka dat as die reëntyd aanbreek, dan word die 'reënhoring' gemaak met o.a. die Lesisimogo: 'teruglaat-deinser'-plant (pr. *Ipomoea crassipes*) daarin. Dit sal o.a. ook: "diegene keer wat mens se koring verwens sodat hulle kort bly en nie groei nie." Dit sal ook die hael afweer. "Maar die middel moet net bruin geskroei wees en nie swart verkool nie. As dit nie geskroei word nie kan dit die reën heeltemal verdryf, en dit reën dan gladnie op die land nie." (H.15).

Volgens H.21 is dit beter om jou land te behandel reeds voordat iemand dit getoor het, dan bly die land en die oes 'skoon'. Mohubu: (*Cyphostemma puberulum*) en Lematla: duiwelsdis (*Dicerocaryum zanguebarium*) is hiervoor die aangewese plante, saam met Kgophane: die grasalwyn (*Aloe transvaalensis*), Mogaga: maerman (*Urginea altissima*) en Mabofe: (*Cissus quadrangularis*). Die land met die oes daarop word dan met die treksel hiervan besprinkel. Die ngaka het ook sy eie soort 'kunsmis' soos in H.22 beskryf - dit is 'n 'kop'-bemesting. Mmilo: mispелwortel (*Vangueria cyanescens*) word nl. fyngekap, verskroei en verpoeier en dan op 'n blad van 'n koringplant geplaas, toegevou en geknoop en ook word van die poeier op die kroon van die plant gegooi. Dit word ook op plante op die 4 hoeke van die land en in die middel gedoen. Hierdeur word die koring gehelp om sodra dit reën vinnig te groei en 'n goeie oes te lewer. Ook hierdie behandeling help om toordery af te weer: "Dit wil dan sê: Jy het wagers op die hoeke van die land gesit om alle toordery te keer." Die ngaka se beloning sal een sak koring wees.

## 7. Afwerking van sprinkane en vinke

Ook vir sprinkane en vinke is daar raad: Dit word genoem go upa (om hulle bekke te snoer). Dit is ook 'n baie gespesialiseerde deel van die vak. 'n Kgatla evangelis het R12 vir sy vrou se swaer betaal om hom te leer hoe om sprinkane te 'keer' (H.25). Die belangrikste bestanddeel is 'n

klein hondjie waarvan die ogies nog toe is, om die sprinkane ook met blindheid te slaan. Hierby kom drie plante: Mogoba-goba:(Pl.346) Plectranthus cylindraceus, Boduboane en Mangapane, asook kristalklip en een van die sprinkane se voorlopers. Al hierdie bestanddele word gebraai en fynge-maal. Nou word een van die lewendige sprinkane van hierdie poeier ingegee en losgelaat om terug te gaan na die swerm. 'n Klomp kort rivierriete word dan gesny soos patroondoppies en gevul met daardie poeier en ou vroue en jong meisies loop dan en blaas daarop sodat die poeier versprei in die rigting van die swerm. Daardie sprinkaanswerm word nou heeltemal met blindheid getref en sal nie die oes afvreet nie, volgens die evangelis.

Soms is 'n ngaka bekend as 'n Moupa-thaga d.w.s. hy kan vinke se bekke 'dokter'. Een ngaka skryf die behandeling voor in H.26: Hy neem 'n plant met 'n souterige smaak, Letswai-la-naga:(Oxalis depressa). Hy kry dan 'n klein seuntjie of dogtertjie om net by die eerste en derde hoek van die land en in die middel 'n vuurtjie te gaan maak en hierdie 'veld-sout' daarin te gooi. Dan moet sy uit die land gaan sonder om met enigiemand te praat, en gaan sit. "Sy het die land nou 'getoor' (O e loile jaanong). Dit sal beteken: die voëls sal proe dat die koring 'n sout smaak het, en dit dan los ... Hiervandaan af sal sy nie meer voëls jaag nie. Dit is daarmee wat ek die vinke se bekke snoer." (H.26).

#### 8. Beveiliging van voedsel by 'n huwelik

Waar 'n mens tydens 'n huweliksplegtigheid die hele familie bymekaar het, is dit 'n ideale geleentheid vir 'n moloi om te toor. Die moloi gaan na die kraal waar die bees geslag word en gooi net sy toorgoed op die pensmis van die bees. So kan hy bv. verhoed dat die vleis gaar word, terwyl net aanhoudend kokende water uit die potte spat. (K.3). Onder andere doen so 'n moloi dit om die ngaka wat hierdie bruilof 'gedokter' het te toets, om te sien of hy werklik 'n ngaka is. 'n Ngaka wat sy werk ken, sal net van die krag-salf wat hy vir die medisynehoring van die bruidegom berei het neem en bietjie daarvan gooi in die vuur. Die vleis sal dan mooi gaar word. Daardie 'toornaar' sal dan 'n vreeslike pyn kry en uitroep: "Eina! Ek het 'n vreeslike pyn!"

Eintlik moet die ngaka die oomblik wat die bees val, van die swart salf aan die verhemelte en anus van die bees smeer. Hiermee is die hele bees dan beveilig en kan 'n moloi niks doen nie. As iemand dan probeer toor, sal hy val en sê: "Wat het ek gedoen, waarom het ek myself verongeluk?" Hy kan bv. 'n vreeslike pyn kry. (Vgl. K.3).

As voorsorgmaatreël kan 'n ngaka 'n persoon reeds vantevore 'beveilig' teen enigiets wat iemand vir hom wil laat eet om hom mee te toor. Hy neem dan volgens H.8 Modjadja: bobbejaangif (Adenia digitata), Mosimama: sambokbossie (Senecio longiflorus) en Mosimane-a-ralentswana: die

Transvaalse plakkie (Cotyledon sp.). Die ngaka maak hiervan 'n verkoolde poeier wat hy rondom die persoon se naeltjie, in die nek en by die keelkliere inkerf en dan sal die persoon 'ontoorbaar' wees met iets wat hy eet of drink.

#### F. DIE NGAKA EN DIEFSTAL

Om 'n betroubare 'diefwering' daar te stel vir die woning, beeskraal of landerye, bied nie 'n onoorkomelike probleem vir die ngaka nie. So 'n 'wip' word gestel om 'n dief te vang met 'n slang en word beskrywe in E.26 en H.19: "Daardie middel is die kop van 'n pofadder waarin ek die pit van 'n pampoen of waatlemoen ingesit het, en ek dit geplant het in 'n tuin, en dit toegemaak het met 'n doringtak sodat die vrugte daarvan deur niks geëet sal word nie - want dit is nou daardie slang wat groei!" Dit klink ongelooflik maar is bevestig deur beide dingaka as net mooi wat gebeur. (Vgl. Hoofstuk XI vir 'n analise van hierdie logika vir die Motswana). 'n Kgatla onderwyser het selfs nog in 1968 vertel hoe 'n ngaka vir 'n vergoeding, vir hom geleer het om sy perskebome so met 'n 'slang' te beskerm teen diefstal.

Die een ngaka sê: "Indien iemand sou ingaan waar ek 'gestel' het (thaile) en hy meen: ek kom mielies steel of enigiets binne in (die land), sal dit gebeur net as hy sê: "Ek gaan uit", dan loop hy 'n slang raak, moontlik 'n Phika-slang (vinnige rooi-oog mamba) wat skrikwekkend is." Volgens die ngaka moet mens 'n stok neem van die Morokolopodi-plant en aan hierdie stok van die mengsel smeer waarin van hierdie 'verslangde' ranke gesit is. Daardie stok kan dan by 'n huis of kraal of land begrawe word, en die stok sal dan die 'oppasser' wees. Die slang sal slegs deur 'n dief gesien word. Indien so 'n dief probeer weghardloop dan vind hy ook daar 'n slang. En so word hy van alle kante vasgekeer totdat hy uitroep om hulp. Die eienaar van die tuin of wat ook al, sal ook die slang sien en die ngaka roep, wat sal weet dat dit die 'wip' is wat hy gestel het om die dief te vang. Die ngaka neem dan daardie lat en gee die dief 'n goeie pak slae en 'verlos' hom dan met die woorde: "As ek nie gekom het nie, sou hy jou gebyt het." Hy voeg hieraan toe: "Al sou hy drie dae bly waar hy vasgevang is, sal hy nie kan weggaan behalwe dat (die wip) eers 'ontstel' word nie. Want jy weet dat dit 'n seriti sa noga (verskynsel van 'n slang) is - daardie stok, en jy slaan hom met daardie stok sodat die verskynsel hom kan verlaat." (E.26).

Die ngaka noem ook die moontlikheid van die hele tuin of land in 'n see van water te laat verander: "As ek sou 'stel' met 'n 'walvis' (leruarua) sal die omtrek van die tuin verander in net see! Of as ek die opdrifsels van die see neem, sal die omtrek van die tuin verander in 'n waterkuil." (E.26). As 'n ngaka se hulp ingeroep word vir 'n geval van diefstal is dit volgens K.17 'n betreklik eenvoudige saak vir die ngaka. Al wat hy moet doen is: "Om die ontlasting van 'n dief wat steel te bind, nl. so dat sy maag nie meer kan werk nie." Wat hier nodig is, is om die dief se spoor te 'vang' (tshwara). Hiervoor gebruik hy

Mogamapodi: weerluisgras (*Eragrostis superba* - Peyri). Hierdie is na bewering 'n baie kragtige middel onder die dingaka. Die wortels daarvan word fyngestamp en gemeng met fyngemaalde miskruier. "Jy 'vang die spoor van die dief daarmee vas', sodat die dief homself moet kom aanmeld, aangesien jy hom nou verhinder om te urineer. Hy sal kom sê waar hy gaan steel het."

Wat die ngaka in hierdie geval gedoen het, was om van bogenoemde poeier op die spoor van al twee sy voete te gooi "dan sal jy sy urine vasgevang het." Om hom weer 'los te maak' gee die ngaka vir hom van die kragmiddel-poeier om in te sluk, en dan is hy oombliklik los.

#### G. OPTREDE VAN DIE NGAKA TEEN BALOI OF TOORNAARS

Die hele Tswana samelewing berus op die opvatting van positiewe en negatiewe magte wat teen mekaar optree; en die mens is reeds van voor sy geboorte af tot na sy dood direk in daardie stryd betrokke. Boloi of toordery is in hierdie stryd die doelbewuste aanwending van die negatiewe of afbrekende magte deur mense om dié persoon wat hul wil benadeel, skade te berokken. Die oorsake hiervoor is menigvuldig, maar kan almal daartoe herlei word dat elke mens vyande het. Daardie vyandskap spruit voort uit jaloesie en naywer oor jou welvaart. Dit geld vir jou gesondheid, jou rykdom, jou groot familie, jou baie beeste, jou koring oes, jou werk, jou vermoë om goed te regeer, of te preek, of mense te genees. Letterlik al die aktiwiteite waarmee die mens homself besig hou, is 'n 'bedreiging' vir sy medemens, omdat hy daardeur iets doen of besit wat sy naaste kon gedoen het, of kon besit het. In die daaruit voortspruitende kompetisie ontstaan die 'stryd om die bestaan', die stryd om te lewe; d.w.s. om nie deur ander wat ook wil lewe "vertrap" (go gatwa) te word nie. En daarom moet jy sterk "staan" (o eme) en jouself sterk "maak" om staande te kan bly. Hulle wat "jaloers" (lehufa) is of naywerig of wat jou ondergang wil bewerkstellig maak dan van towery (boloi) gebruik om jou ondergang te bewerkstellig.

Die gewone lid van die stam weet van al die gevare en is terdeë bewus van sy eie onmag om al hierdie bedreiginge af te weer, maar die ngaka het in sy opleiding geleer dat daar 'n onbeperkte aantal middele is, die een meer doeltreffend as die ander, waarmee hierdie toordery afgeweer kan word. Die rede hiervoor is, dat die moloi of toornaar 'n negatiewe mag stuur soos 'n slang, of die weerligvoël, 'n krokodil, 'n bondeltjie hare, 'n padda, 'n vlieg, of mot om in jou liggaam of in jou tuiste te kom, in jou beeskraal of landerye, om jou te benadeel. Vir elk van hierdie toormiddele is daar 'n teenmiddel, nl. 'n plant, dier of insek wat die ngaka ken en met mekaar kan kombineer en gebruik om daardie boloi ongedaan te maak. Dit neem dan ook gewoonlik die vorm aan van die 'gestuurde' toormiddel bv. die mamba wat gestuur was, weer terug te stuur na die moloi wat dit na jou gestuur het. In K.6 sê die ngaka: "Dit is die geheim van die ngaka as hy na die werker (van onheil) sy (toor-) werk laat terugkeer."



Schapera (1938:276) vind dat daar die opvatting bestaan dat baloi dikwels ou vroue is wat snags rondgaan in groepe en dat hulle probeer om andere kwaad aan te doen. Ander weer wil net wraak neem. Hy meen dan dat, "All baloi must as a rule obtain their medicines (ditlhare) from the professional magicians (dingaka). Magicians themselves may be hired to work destructive magic against one's enemies, and may do so against their own hated rivals."

Vanweë die groot verskeidenheid van toormiddele en hul teenmiddele sou die ngaka self totaal verstrengeld gewees het as dit nie was vir sy ditaola (dolosse) nie, want wat hy nie weet nie, weet hulle. Die eerste 'val' wys gewoonlik aan wat gebeur en as die dolosse sou sê: 'Dit is toordery!' dan gaan die ngaka voort deur weer te 'gooi' om vas te stel van waar (van wie) dit kom en met die derde val: watter behandeling hy moet toepas. In K.6 bv. sê die een segsman: "Die ngaka weet dat daar getoor is as hy sien die dolosse val 'Motlhakola wa Selomi' (onderstebo van die byter)."

Toordery moet 'afgewas' word, gewoonlik deur besprenkeling met 'n wildebeesstert. Dit geld vir die beeste en landerye en soms ook vir persone. Laasgenoemde word ook met die hand gewas. In K.2 beskryf 'n moruti (leraar) se seun so 'n behandeling: "Toe hy ons 'was' het hy 'medisynes' wat jeuk gekerf in water, en hy het toe begin om ons te besprinkel met sy seditse (wildebeesstertkwas) in die hut, in die nag nadat ons ons boklere uitgetrek het, terwyl ons almal saam is en hy sê: 'Ek soek die mens wat my soek. Hy wat my nie soek nie, soek ek nie.....' Toe was dit dat hy ons natsprinkel met die seditse (stertkwas)."

Die middele wat in hierdie 'waspreparaat' gesit word, waaronder ook jeukbol (Urginea altissima), dien tot die afwassing van die toordery. Maar daar moet gewoonlik ook 'n 'medisynehoring' deur die ngaka met middele in wat sterk genoeg is om verdere aanslae van toordery af te weer, berei word. Die ngaka maak dan op al die gesinslede inkerwinge en smeer van hierdie salf teen toordery in op die kerfplekke, "sodat ons sterk kanwees, sodat as die moloi (toornaar) kom en dink hy gaan ons 'probeer' (doodmaak) dat hý dan moet sterf." Die eintlike rede is, dat dit nie voldoende is om net elke keer toordery te verwyder nie maar die persoon wat jou getoor het behoort ook getref te word, of eintlik swakker gemaak te word, sodat hy nie weer in staat sal wees om jou te toor nie. Om daardie rede vra jy dan die ngaka om jou 'n wapen te gee teen, of wraak te neem oor jou teenstander wat jou getref het.

Go itaya lebitla ('om die graf te slaan') is 'n vorm van hierdie wyse van wraakneming. K.6, K.7 en K.2 gee hiervan voorbeelde. Die ngaka gebruik van die pensmis van 'n jong ossie wat geslag moet word, van grond van die graf, Pusetsa: (die 'terugstuur'-plant), 'n stuk van 'n mamba, 'n mensbeen, die eier van die weerligvoël en 'n jagspinnnekop. (Vgl. teks K.6). Hiermee maak hy 'n wraakmiddel wat hy 'stuur' om dié een ook dood te maak wat die oorledene dood 'getoor' het.



Schapera (1938:276) wys daarop dat die ngaka of 'magician' soos hy hom noem, uit sy dolosse vasstel of dit 'toordery' is wat die teenspoed veroorsaak het. Sonder om iemand se naam te noem, sê hy wat die moloi (toornaar) se totem is, sy geslag, gelaatskleur en die rigting vanwaar hy kom om te toor. Dit bring dan die belangstellendes op die spoor van iemand, teenoor wie hulle dan nog meer getuienis probeer inwin: "If satisfied that he was the culprit, they would report him to the Chief. If it was clear from the evidence that he was guilty.... the Chief would order him (the alleged sorcerer) to cure the patient (go mo dirolola - 'to undo him'); and if he refused to do so he would be tortured until he consented. If the patient recovered the sorcerer would be released; but if the patient died the sorcerer would be killed."

'n Mens kan op baie maniere getoor word sonder dat hy hoef dood te gaan, bv. deur hom so te maak dat hy gladnie kan urineer nie. In (K.16) word uitvoerig beskryf hoe die ngaka hom dan onttoor: Die ngaka vang nl. 'n akkedis en sit hom in 'n stuk riet en prop hom vir die nag toe saam met verpoeierde Mokala: knoppiesdoring (*Acacia nigrescens*) en 'n fyngemaalde platgroeierende riet. "As jy die volgende dag opstaan, maak jy (die houer) oop en die akkedis kom uit. Dan neem jy daardie medisyne (in die riet) en neem warm water en gooi die medisyne in daardie water, of tee en gee dit aan die een wat nie kan urineer nie. Jy laat hom met jou hand drink. As daar nog so 'n bietjie oorbly, gooi jy dit bo-op sy kop. Hy sal (dan) urineer soos water wat uit 'n kraan kom! - Jy het hom natuurlik nou 'oop' gemaak. Hy het agter die toornaar gekom." (K.16). Om die logika hiervan te verstaan, - wat in Hoofstuk XI uitvoeriger bespreek word, kan net nog 'n paragraaf van hierdie insiggewende teks aangehaal word: "Die verklaring is: daardie een wat besig was om hom te toor, het van die urine van hierdie man geneem, toe hy gesien het waar hy geurineer het. Hy het toe van daardie nat grond opgeskep, en dit in 'n riet gesit saam met 'n akkedis, en so het hy (die man) heeltemal toegemaak! En hierdie kranke kan van toe af nie meer water nie. Jou werk nou as ngaka is om die akkedis weer oop te maak. Soos wat jy jou akkedis oopgemaak het, net so is die akkedis van die toornaar ook ontsluit. Jy soek hom, maar hy is weg. Die kranke is nou genees."

Om te voorkom dat hy weer so getoor sal word, moet hy die volgende dag die verpoeierde Mokhura: rivierkasterolieboom (*Ricinus communis*) se wortel saam met Maimie: die *Ipomoea crassipes*-plant en 'n druppel van die pasiënt se urine wat hy in sy hand urineer waarin daardie poeier is, neem, en dan sluk hy dit weg. "Dit beteken dat julle nou 'gebind' het, dat daar niemand is wat (hom) kan toor met sy urine nie."

Die urine en die ontlasting van al die voëls, diere en die mens word beskou as 'n deel van dié wese, soos in Hoofstuk X bespreek sal word. Dit kom uit die liggaam, en deur dit in die hande te kry en te 'toor' kan die bron daarvan benadeel word. So word in (K.15) 'n beskrywing gegee van

hoe selfs vrouens op hierdie wyse 'getoor' word o.a. met urine, suring, 'n kwikstertjie en van die vere van 'n pos-duif. Die een wat haar toor: "waar hy heengaan daar plant hy een veer van die duif (met van haar urine daarop)." "En nou sal die meisie hom daarheen volg, sonder enige skaamte, omdat haar hart na hom verlang en sy gee haarself aan hom." "Dit is daarom dat die (mans van) ander stamme sommer ons dogters neem en hulle so beskuldig." Om die dogters te beskerm moet dus voorsorg getref word, en dan deur haar met die suringbolletjie en haar eie urine te was en te laat eet. "As sy dan tussen vreemde stamme is, sal hulle niks aan haar kan doen nie. Hulle eie toorgoed gaan 'stomp word' net soos wat tande stomp word en nie kan byt nie." (K.15).

'n Baie algemene vorm van boloi of toordery, is dat mens 'n sejeso (vreter) ingegee word. Dit kan 'n slang of krokodil of vlermuis of padda wees wat die persoon ingegee word. Trouens, dit is eintlik baie maklik want 'n moloi hoef bv. net 'n bietjie gepoeierde krokodillewer in iemand se bier te gooi. Daardie lewerpoeier gaan ontwikkel tot een of meer klein krokodilletjies in dié persoon se maag en gaandeweg gaan hulle groei en al meer sy kos opeet. Later sal hulle honger word en hom begin krap in sy maag en altyd groter word. As sy geswelde buik en maagpyn hom na die ngaka dryf en die dolosse sê - (soos wat in Hoofstuk VIII behandel word), - dit is 'n 'vreter', dan kan die ngaka óf met die suighoring die vreter uitsuig of anders baie kwaai middele ingee wat die 'krokodil' eers moet doodmaak en dan laat verteer en stuk-stuk laat uitkom. (Vergelyk Hoofstuk IX vir besonderhede).

#### H. DIE AFWERING VAN WEERLIG

Ook die Motswana is geskok as 'n weerligstraal 'n hut aan die brand slaan, 'n span beeste tref of 'n persoon in die veld of in sy huis doodslaan. Feitlik sonder uitsondering word 'n ngaka met sy dolosse ontbied of as hy self sy verskyning daar maak, gevra om die oorsaak vas te stel. Soos in Hoofstuk VIII uitvoerig behandel sal word, val die dolosse dikwels in een van die valle waar die interpretasie is: Ke boloi! (Dit is toordery!) Die ngaka word dan gevra om die agtergeblewenes verder te beveilig en ook wraak te neem teenoor die moloi (toornaar) wat die weerlig gestuur het.

Die mees algemene opvatting is dat die weerlig voëls is wat van die groot waters (die see) kom, dat hulle daar uitbroei, en dan in die wolke 'speel'. (Vgl. Hoofstuk X). Soms as dit baie warm word, kan die weerligvoël aan die brand slaan en dan afkom en iets of iemand aan die brand steek. Maar gewoonlik is dit toordery. Met ander woorde, 'n moloi het doelbewus 'n weerligvoël gestuur om hierdie persoon te toor. Die een ngaka, 'n Mokalaka van Noord-Botswana, het in teks D.16 'n baie insiggewende verduideliking gegee van hoe die Motswana die weerlig sien, waar hy o.a. sê: "As ek die weerlig(-voël) wil keer, dan neem ek tšhadibe. Dit is 'n )korrelrige rooi) klip, maar dit is die urine van

die weerlig(-voël). Dit word gegrawe waar die weerlig geslaan het. Hy maal dit fyn, smeer dit in 'n kruisvorm daarop en sit dit op die huis se dak. Ook neem hy die knol van 'n waterplant: "om die weerlig terug te stuur na sy meester, om hom seer te maak. Dit is die weerlig. Dit is 'n voël. Hy woon onder die water."

Om die weerligvoël te 'beheer' dra die ngaka altyd by hom een van die vlerkbene van die 'weerligvoël'. Een ngaka gee in D.14 (wat in Hoofstuk X bespreek word) 'n beskrywing van die voël wat hy gevang het, en wat daarvolgens 'n verdwaalde seemeeu of moontlik 'n flamink kan wees. In D.16 sê die een segsman: "Die vlerk van die weerlig(-voël) word gefluit. Jy stuur hom terug met Bodiba-bontsho ('donkerkuil' - die waterplant). Jy maal van die bas... en sit dit in die been van die weerlig(-voël), - sy vlerk (been). Dan fluit jy daarop: pfff! sodat hy na sy eienaar kan terugkeer. Hy sal dan ook seerkry. Die (voël) sal hom vermink; en dan (sy) huis aan die brand steek."

Die bol van Thetele:slangkop (*Urginea sanguinea*) word in water gesit en die beeskraal of huis daarmee besprinkel; dan sal die weerligvoël nie weer daar tref nie. (D16). Iemand wat raakgeslaan is, drink 'n aftreksel van Morotologana:suurpruimwortel (*Ximenia americana*) om hom weer op te rig. Om wraak te neem gebruik die ngaka Molalatlhageng: ('lêer-in-die-gras'), d.w.s. 'n stuk mens-skedel. "Hiermee 'slaan' (tref) jy enige plek, selfs op 'n graf. Die verantwoordelike persoon, d.w.s. die een wat die dooie dood gemaak het, dit sal ook in hom vaar." Om seker te maak dat die wraak uitgeoefen sal word, beskryf die Kalaka ngaka in D.16 verdere stappe wat geneem kan word om 'n moloi deur die weerlig te tref: "Jy vorm 'n mens deurdat jy 'n pop maak van klei. Dan maal jy mensskedel fyn en meng dit met Mogobagoba: (die *Plectranthus cylindraceus* plant) en dan sprinkel jy die mens wat jy gemaak het met 'n wildebeesstertkwas terwyl jy hom roep met die naam van die afgestorwene. Hierby kom weerligvoël-urine en Bodiba-bontsho: 'donkerkuil'. Hierdie vier word gestuur deur die vlerk(-been) van die weerlig(-voël). Dit meen jy roep hom om daardie een te kom doodmaak wat die ander een om die lewe gebring het. En die weerlig(-voël) kom af as jy hom roep" (D.16).

Dit is natuurlik belangrik om elke huishouding vroegtydig te beskerm en beveilig teen moontlike toordery deur die weerlig. 'n Ander ngaka noem dan in (D.15) die noodsaaklikheid van 'n bietjie weerligvoëlvet in die medisynehoring te kry, al sou jy dit net in drup. "Die nut daarvan is om te beskut in 'n geval waar jy nie wil hê dat die (hael-) wolke jou moet pla nie; of as iemand jou met hom (die weerligvoël) gooi dan sal hy jou nie doodmaak nie." In hierdie medisynehoring (wat in Hoofstuk IX uitvoeriger behandel word) moet o.a. ook die rysmierkoningin kom, omdat die weerlig haar nooit raakslaan nie, want die rysmiere maak hul nes toe as dit reën. Hierdie preparaat waarby ook nog plante gevoeg word, o.a. Montshwane: (*Cadaba termitaria*) en Monga:swarthaak (*Acacia detinens*) word as 'n swart salf berei en dan aan

swarthaakpenne gesmeer. Dié penne (dimepe) kan dan om die tuiste of beeskraal ingeslaan word om hulle sodoende te beveilig.

'n Opvatting wat deur feitlik al die ngaka's benadruk word, is dat 'n ngaka nie self mag toor nie, en liefs nie eens om wraak te neem nie. Om jouself egter by voorbaat te beveilig teen moontlike aanvalle, is wel eties regverdigbaar. (Hierdie aspek word in Hoofstuk XI verder bespreek). Die een ngaka stel dit so in (A.9): "Ek hou van 'n ngaka wat weet hoe om (toordery) af te weer, eerder as 'n ngaka wat (toordery) 'gooi'. Want die een wat afweer, roei hulle uit wat hom probeer (onder kry); en hy het geen skuld nie, aangesien hy homself verdedig het. Hy wat (toordery) gooi, ontnem homself die seën om mense te kan beskut." Maar daar kom ook tye wat 'n ngaka se eie naasteliefde beproef word, want hy as beskermheer van sy stat en gemeenskap mag vind dat 'n onbekende ngaka van elders gekom het, en net eenvoudig hier in sy kraal begin optree sonder dat hy hom aangemeld en die kaptein se toestemming gekry het: "dan sal jy agterkom dat hy kan dink hy is beter (as jy) in die stat waarvoor jy jou lewe moet gee. ....Hy gaan sommer voort en begin op sy eie om (mense) te behandel. Ek gee hom een week! En ook hulle wat hom ontbied het. Hy sal nie eens kans kry om hulle te groet nie! Sy hart sal stol. En hy sal sommer doelloos rondwaal. Hy sal tot sy verstand kom as hy in die eensame veld is, of as hy weer by sy tuiste is. Ek het hom 'beproof' met Mogoloro:(bobbejaandruif) Cyphostemma sp. cf. sandersonii". Die ngaka gaan dan voort om te beskrywe hoe hy die Mogoloro: bobbejaandruif fynmaal en meng met 'fyngemaalde mot'. Laasgenoemde is 'n toormiddel wat in die getoorde se longe rondfladder en sy bloed laat skuim. Hy gaan dan van sy kop af. Of soos die ngaka self verder vertel in A.10. "Dan neem ek hierdie poeier met my linkerhand, .... Ek roep hom drie keer op sy naam. Ek blaas dan (die poeier) met my asem weg en fluit vir hom op die beenfluit en ek sê: 'Laat hy mal rondwaal! Laat hy nie weet waarheen hy gaan nie! Laat hy homself eers weer by sy eie huis vind! - Hy sal ook nie weer lus hê om terug te kom nie!'"

## I. DIE NGAKA AS GENEESHEER

Ook die Motswana kom te staan voor 'n siekbed. Elke Kgatla gesin en elke persoon weet dat hy vandag gesond en môre dodelik siek mag wees. Net soos by elke ander gemeenskap het ook by die Tswana deur die eeue wat verby is, gaandeweg sekere opvattinge oor die oorsake en die behandeling van siekte deel geword van die volkseie.

Die gewone lid van die samelewing, en by name die familiehoof, d.w.s. die vader in hierdie patriargale gemeenskap, het net 'n beperkte kennis. Die ngaka daarenteen het in sy hele opleiding, wat oor jare gestrek het, hom daarop toegelê om kennis in te samel oor al die moontlike siektes wat 'n mens mag opdoen, asook die oorsake daarvan en die behandeling wat genesing kan bewerkstellig. Sy taak is wyer as dié van slegs 'n geneesheer want hy moet nie net genees

nie, maar hy moet vroegtydig beskerm om siekte te voorkom. Sy taak is eintlik so breed dat hy in alle vertakkinge van die samelewing voorspoed moet verseker of dit weer moet herstel.

Wat siekte betref en die ngaka se funksie as geneesheer, sien Antipas 'n waardige ou man van Mochudi dit in (A.8) as volg: "Die Tswana ngaka-praktyk het 'n baie belangrike taak (nl.) om siektes te genees. Siekte vandag is van tweërlei aard: Daar is die siekte (wat) van Modimo (kom); en ook is daar die siekte wat deur mense veroorsaak word - deur toordery. Die siekte (wat) van Modimo kom kan deur 'n Motswana ngaka genees word, maar eerder nog deur Blanke dokters. Maar wat siekte van toordery betref, is die Blanke dokters nie in staat (om dit te genees nie). Slegs Tswana 'dokters' kan dit genees." Hierdie laaste opmerking van hom is 'n taamlik algemene opvatting, nl. dat Blanke geneeshere nie gevalle van toordery kan genees nie. As die dolosse dus die uitspraak sou gee dat dit 'n geval van toordery is, dan is die algemene neiging om die ngaka te versoek om die toordery teen te werk, want anders kan 'n gewone medisinale behandeling nie die permanente herstel van die pasiënt verseker nie. In die hieropvolgende twee hoofstukke word die diagnose en behandeling van siekte bespreek.

#### J. OPSOMMING

Uit die voorgaande uiteensetting blyk dit dat die ngaka 'n hele reeks dienste lewer aan die stamlede. Hier is gelet op:

1. die aanlê van 'n nuwe stat. Hý is die belangrikste persoon, want hy moet al die inwoners wat in die toekoms daar sal woon beveilig, veral ook teen vyande wat hulle ondergang wil bewerkstellig deur stamgevegte of toordery.
2. Die ngaka moet ook die nodige voorsorgmaatreëls tref by die inseëning van 'n stamhoof om te verseker dat die onderdane gehoorsaam sal wees en lojaal aan hulle kaptein, omdat daar genoeg kos in die stat ingebring sal word. Ook moet 'n 'fluit' berei word vir die stamhoof, naamlik 'n seboka of volksversamelaar om te verseker dat sy onderdane altyd om hom sal bly. Hy moet ook 'n spesiale kragmiddelhorning vir die kaptein berei met o.a. die penane-miere in om eendragtige samewerking te verseker en koedoemis vir goeie orde; hierby moet nog die 'byekoning' en 'n menslike liggaamsdeel gevoeg word.
3. Met krisistye in die stamlewe soos met droogtetoestande word die morôka-pula of reëndokter deur die stamhoof gevra om reën te fetlha ('roer'). Hierdie is 'n aangeleentheid waarby die stamhoof en die hele stam betrek word. Die stamhoof gaan eers na die "reënhut" en dan saam met die stam na die grafte van die voorgeslagte. In vroeëre tye was die 'mensoffer' wat op 'n besondere wyse verkry is ook nodig in die reëndiens. Marothodi-a-pula moetapele mphe lesedi is die kraggevolle kalbassie wat die weer en reën kan beheer. Dit word deur 'n Kgatla-Matebele-ngaka gebruik. Ook kan die reën en wind gereël word volgens die "volstruiseiermetode",



wat volgens 'n ingewikkelde proses berei word maar wat baie "effektief" is. Daar kan ook 'n krisistyd soos oorlog ontstaan en dan moet die krygers onverskrokke en moedig gemaak word, hulle wapens moet tref, terwyl die vyand se moraal verswak moet word en hul wapens oneffektief moet wees terwyl hulle stik en misskiet vanweë die vlieë wat in hulle monde vlieg. Dit alles moet die ngaka verseker met sy kragmiddele vir oorlog. Veral in vroeër jare het die Batswana van tyd tot tyd uitgegaan op die leeujaag, maar dan eers nadat hulle, die honde en hul wapens deur die ngaka 'gedokter' was, en selfs ook die leeu sodat hy vankant gemaak kan word.

4. Voordat die Bakgatla die Christelike geloof aanvaar het, het die bogwera (stamskool) 'n baie belangrike plek ingeneem in die volkslewe, soos nou nog by die ander Tswanastamme. Die ngaka wat deur die stamhoof daarvoor aangewys word moet die terrein vir die stamskool "beveilig" en "versterk". Dan moes hy al die seuns wat daarheen gaan "behandel" en ook daar in die stamskool die besnydenis waarneem en die tshitlho (kragself) berei waarmee die ingewydes "ingeënt" moes word.

5. Die beveiliging van die stat, die woning, die beeskraal en die landerye is van die dingaka se belangrikste take, nadat die vertroueling van die stamhoof die landsgrense en die stat beveilig het. Om die huislike lewe te beskerm moet voorsorg getref word dat die vrou nie haar huis, man of kinders sal verwaarloos en agter ander mans aanloop nie; vreemdelinge moet ook deur 'medisynes' daar weggehou word. So ook word 'gemaak' dat die man getrou bly aan sy vrou en huis. Die beste weer, moet 'n hamerkop as "kragmiddelwagter" kry sodat hulle nie sal wegdwaal, of 'n dief hulle sal steel nie. Ook kan hulle "gedokter" word sodat bv. milt-siekte nie onder hulle moet uitbreek nie. Voorsiening word ook met dipheko (kragmiddele) gemaak om te verseker dat die beste genoeg water sal hê en ook dat hulle vinnig moet aantel. Om hierdie rede moet die bul ook 'gedokter' word sodat hy net by sy kudde sal bly. Ook moet daar vir die beeskraal en kudde 'n afsonderlike kragmiddelhorning berei word. Dit is volgens die dingaka selfs moontlik om die welslae van 'n put te verseker sodat daar genoeg en aanhoudende water sal wees.

Ook die landerye, die saad, die plante en die oes moet "gedokter" word, want vir die Mokgatla is sukses die vrug van nougesette voorsorgmaatreëls. Die plante op die land kan bv. 'skrik' indien 'n moloi (toornaar) tussen hulle rondstap as hul nie behandel is nie. 'n Persoon laat ook vir hom 'n privaat reënhoring maak vir sy landerye. Sprinkane en vinke moet die ngaka upa d.w.s. die bekke so snoer dat hulle sal weggaan sonder om die oes te beskadig. Die sprinkane word met 'blindheid' geslaan deur middel van 'n klein hondjie waarvan die ogies nog toe is.

6. By 'n feesmaal moet die ngaka die geslagte bees 'dokter' om 'toordery' te voorkom.



7. 'n 'Slangwagter' vir tuine of landerye 'kan opgetoor' word deur 'n ngaka, waarvolgens 'n dief homself omring vind deur skrikwekkende slange, of anders kan hy hom so 'bind' dat hy nie kan urineer of ontlas nie, totdat die ngaka hom weer "bevry".

8. Een van die baie gewigtige take van die ngaka is om op te tree teen baloi (toornaars) wat van negatiewe magte gebruik maak. Onder andere moet hy die boloi (toordery) terugstuur na die afsender en hy moet ook die graf van 'n oorledene 'slaan' as die dolosse aantoon dat dit toordery was; dan moet hy ook die agtergeblewenes deur besprenkeling beveilig. Toordery kan talle vorms aanneem bv. om iemand se urinering te verstop. Dan kan die ngaka hom help deur dit weer normaal te laat funksioneer na 'n interessante behandeling met 'n akkedis wat opgesluit word in 'n riet en wat later vrygelaat word.

9. Die weerlig wat 'n hut, ossewa, of ander eiendom of 'n persoon tref, is gewoonlik die werk van iemand wat lowa (toor), en die ngaka moet dus reeds by voorbaat sy kliënte daarteen beskerm, of help wraak neem. Die algemene opvatting by die Kgatla is dat dit 'n voël is wat gestuur word en wat ook terug gestuur kan word na die moloi (toornaar) om hom self te tref. Deur 'n mot in sy longe te kry kan hy mal gemaak word.

10. Een van die ngaka se belangrike funksies is dié van geneesheer, soos wat in die volgende twee hoofstukke behandel word nl. diagnosering en behandeling van siekte.

-----

HOOFSTUK VIIIDIAGNOSERING VAN SIEKTE EN TEENSPOED

Siekte is vir die Mokgatla 'n ramp. Dis vir hom die oorwinning van die afbrekende magte buite hom, oor sy eie pogings om homself te handhaaf. Daar is niks natuurliks in siekte nie. Dit is elke keer 'n neerlaag wat die mens ly. Dit gebeur wel dat 'n mens 'n geringe ongesteldheid opdoen en gou weer daarvan herstel. Maar dan is daar siektes wat erger word en wat uitrek, wat van 'n ernstiger aard is. Sommige van hierdie siektes is van Modimo, die Skepper, wat dié siekte stuur om die liggaamskragte af te breek sodat die gees die liggaam kan verlaat en terugkeer tot God, gewoonlik by hoë ouderdom. Maar die meeste ernstige krankhede van betreklik jong mense, mans en vrouens wat nog in die fleur van hulle lewe staan, is nie van Modimo afkomstig nie. Hulle is ook nie van kieme nie, want 'n Motswana ken nie 'n kiem nie; hy ken die 'saad' van 'n siekte, of die wesens-esensie, of begin van iets, wat voortgeplant word. Maar daardie 'saad' waai nie sommer vanself met die wind in 'n mens nie; en 'n mens sit dit ook nie êrens neer met jou speeksel wat 'n ander weer 'per ongeluk' optel nie. Daar is nie so iets as 'per ongeluk' of 'toevallig' vir die Motswana nie. Nee, hy het vyande: hulle wat jaloers is op sy welvaart en wat daardie saad 'stuur' na hom op die ver-skillende maniere van boloi (of toordery).

Dit maak 'n ernstige siekte so tragies vir die Mokgatla, want dit is die klinkklare bewys dat hy 'n onbekende vyand het, in die stryd teen sy beskermende kragmiddele wat die oorhand behaal het met sy aftakelingspreparate. Juis hier sien jy met jou eie oë hoe jou liggaam afgebreek word en hoe jou vyand die oorhand kry. Daarom neem jy jou toevlug tot die ngaka; en meer nog as jy, is hy bewus van die stryd wat daar aangaan om jou lewe. Om hierdie gekompliseerde situasie met al sy moontlikhede reg te verstaan en te diagnoseer in verband met siekte en net so ook vir al die vorme van teespoed, sou op 'n onmoontlike en bo-menslike taak uitgeloop het, as dit nie was dat die Motswana glo dat middele aan die mens gegee is waarmee hy kan vasstel wat die aard van die krankheid is en van waar dit kom en waarmee die stryd verder voortgesit kan word nie. Vir hom, d.w.s. vir sowel die beproefde persoon asook vir die ngaka is die ditaola of bola (dolosse), daardie middele wat die badimo aan hulle gegee het om lig te werp op die geheimenisse.

A. DOLOGOOIERY

Die dolosse is vir die Motswana die mondstukke oorgelewer en nog geïnspireer deur die badimo of afgestorwe voorouers, om aan hulle kinders wat nog op aarde is, die nodige kennis te gee in hierdie geweldige stryd wat daagliks gevoer moet word. Elke persoon wat ngaka wil word weet dan ook dat daar vir hom 'n lang studie wag om die interpretasie

van hierdie mondstukke te bemeester, en hy besef ook die erns daarvan, want dit sal sy eie oorlede vader en oupa of moeder en ouma wees wat deur die ditaola (dolosse) tot hom sal praat.

1. Die maak, kraggee en 'opwek' van dolosse

Heel eerste moet die jong student in die bongaka sy eie stel dolosse kry. So bv. vertel die ngaka S.M. in teks (A.3) hoedat hy van Botswana in 1937 na die Bapedi gegaan het om in die bongaka onderrig te ontvang. Hy gaan dan voort en sê: "Hy het daar vir my 'n bul verkoop om vir my dolosse (ditaola) te maak en om vir my die bongaka te laat drink. ... Die bul is geslag. (Hy) het my die bul se hart laat drink, asook die borsbeen. Toe kon ons begin met die medisyne.... Toe is weer vir my vier dolosse gemaak van die regterhandse horing. Dit was my eerste onderrig toe ek die bongaka bestudeer het. .... Die dolosse wat hy vir my geleer het is: More-mogolo, Jaro, Kgadi en Kgatšane." Hierdie vier name van die hoofdolosse is soos algemeen by die Tswana dingaka bekend. Gewoonlik is die hoof manlike dolos More-mogolo en die junior manlike dolos Jaro of Kgadi gesny uit die voorste puntjie van 'n beeshoef, ongeveer 5 cm. lank, breed en hoog. Die twee vroulike dolosse Mma-Kgadi of Pubagadi en Kgatšane kan dan uit die beeshoring gesny wees, of ook uit olifant tand, (ongeveer 6 cm. lank, 3 cm. breed en 1 cm. dik). Onder die Kalaka van Noord-Botswana is al vier uit hout gesny. Die dolosse het elk sekere merktekens op volgens vaste patroontjies wat egter wissel by die verskillende ngaka's.

In hierdie verband het Coertze 'n baie insiggewende studie gemaak en tot 'n merkwaardige slotsom gekom in sy: "Dolosgooiery in Suid-Afrika" (1931). Hy sê op p.2: "Die versieringspatrone op kultuurvoorwerpe het 'n dieper oorsprongsoorsaak. Die patrone was oorspronklik sinnebeelde van bepaalde idees, later eers het dit verander na blote versieringspatrone..." Hy wys vervolgens op 'n belangrike stelling wat Frobenius gemaak het in sy: "Das Unbekannte Afrika" (p.148) waarvolgens: Die dekorasiewyse van 'n volk kan teruggevoer word na die mitologiese beskouings van daardie volk. Die dekorasiewyse moet 'n godsdienstige agtergrond hê. Coertze (a.w. 2) kom dan tot die slotsom: "Die verskillende maniere van dekoreer staan almal in verband met mekaar. Byna al die patrone wat op die voorwerpies verskyn, kan teruggevoer word op die akkedisfiguur wat vandag nog op die Shona-stelle verskyn." Ook kon hy dan daarin slaag om elf verskillende patrone te rangskik in die volgorde van hulle ontwikkeling, met die akkedisfiguur as uitgangspunt en konstater dan dat: "... die geometriese versieringspatrone wat op die dolosse verskyn, hulle oorsprong te danke het aan 'n dierefiguur. Die dierefiguur het stelselmatig verander in 'n reeks van geometriese figure."

By navraag onder die Tswana dingaka kon hul nie sê wat die figure voorstel nie. 'n Mokwena ngaka: Gaorekwe, se stel wat hy na die onderrig aan my verkoop het, het op Jaro (die junior manlike dolos) so 'n tekening wat as die

buitelyn van 'n krokodil of akkedis geïnterpreteer kan word. Op More-mogolo (die hoof manlike figuur) daarenteen is vyftien sirkeltjies geteken, elk met 'n kolletjie in. Die hoofvrou (Ma-kgadi) het net kolletjies op en die jonger vrou (Kgatsane) weer kolletjies met sirkeltjies om. Coertze sê in hierdie verband (a.w. 4): "By die Bavenda en sommige van die Noord-Transvaalse stamme vind ons egter heeltemal 'n ander manier van dekoreer. Dit bestaan uit 'n reeks kolletjies met kringetjies daarom, of net uit kolletjies alleen. Die een ngaka by die Kgatla, wat net kolletjies met kringetjies om, op sy manlike dolosse geteken het sê in B.7: "More-mogolo (die senior manlike dolos) het vyf merktekens. Kgadi (die junior manlike dolos) het vier merktekens. Daar is vier hoof-stamlinies, ... Die vyfde stamlinie is 'By-die-kaptein' waarby ander stamgenote hulle gevestig het. Om bogenoemde rede het 'Kgadi' 4 merktekens en More-mogolo 5. D.w.s. die tekens dui op stamlinies. Kgatsane, die eggenote van Kgadi het twee merktekens om te wys dat sy 'n onderdaan is. Mosadi-mogolo die senior vrou wys haar 'kroon' aangesien sy 'n kapteinsvrou is, en ook haar bedekking." Die twee vroue figure is dan as plat skyfies so gesny dat hulle elk 'n 'kop' en elk twee 'voete' het, sodat die ngaka kan sien in watter rigting hulle 'loop'.

Lichtenstein, wat voor 1808 reeds die Batswana besoek het sê (in Goede se vertaling van 1813 p. 323) van die dolosse wat hy gesien het: "Het waren twee, uit Antilopen klauwen in den vorm eener gelykzijdige piramide gesnede lichamen, benevens twee kleine vierkante schijvan van dezelfde stof. Slechts weinige personen, naar het schijnt de priesters alleen, verstaan de kunst, om dezelfde te vervaardigen; gewoonlijk worden zij van de voorouders overgeërfd en zijn dan de zekerste middelen om voorzeggingen te kunnen doen."

Burchell wat ook in die jare 1822-24 die Batswana besoek het sê: .... "an armllet ... to be worn round the neck... is composed of four separate pieces of horn strung together; of these the two on the outside are made of hoofs of one of the smaller antelopes, cut to a triangular shape and s red with certain lines, and the two intermediate pieces which are flat, bear on edges several notches which are thought to contribute greatly to its protective and salutary power." (Burchell 1822-24 p. 550). Burchell is reg wat die 'dra om die nek' van die dolosse aan 'n riempie betref, want van daar kom die uitdrukking: Khunola moraba - 'om die dolosse los te maak' (van die nek) - d.w.s. die fooi van 'n hoender of 25c wat aan 'n ngaka gegee moet word voordat die dolosse kan 'praat'. (Hierdie idee word uitvoerig behandel by die spesiale plante wat ge-'rufa' (vergoed) word, m.a.w. van die voorouergeeste met 'danksegging' geneem word. (Vgl. Hoofstuk X).

Die dolosse is om die nek, sodat hulle gesien kan word deur enigiemand wat die ngaka se hulp nodig het, - maar hulle het as sulks nie 'protective and salutary power' nie. Daarvoor het die ngaka sy 'kragmiddele' (dipheko). (Hieroor in Hoofstuk X).

Die vyfde dolos in die stel is Modimo (die opperwese). Dikwels is daar ook 'n Modimo o monamagadi (die vroulike opperwese) in die stel. Hierdie een of twee dolosse, wat die astragali of regte 'dolos' is van die manlike en vroulike erdvark, stel Modimo (God), voor asook die badimo (voorouergeeste). Dit blyk ook uit die interpretasie wat gegee word aan die valwyses.

Ngaka Kgosimang het die volgende verduideliking gegee: As die dolos bv. van 'n erdvark uitgesny word, dan moet die ngaka liefs iemand anders kry om dit vir hom uit te sny. Ook mag gladnie aan die dolos geraak word, totdat dit op die grond val nie, wat dan hierdie dolos se eerste lewa of 'val' sal wees. E santse e utlwa (hy leef nog). Op 'n vraag aan hom hoekom hy nog leef, antwoord Kgosimang: 'Want daar is die vleis nog. Dit is nog nie opgeëet nie'. Na 'n paar maande as die been droog is kan dit saam met ander dolosse gebruik word. Die bene word nie gekook nie. Slegs die agterpoot se dolosse word gebruik, wat in die geval van die erdvark net voor die hakskeen sit.

Nadat die dolosse uitgesny en versier is, moet hulle: "Verander word, sodat hulle kan praat. Ons verander die dolosse met Mhetola - 'Die Veranderplant' (Pl. 601 waarskynlik *Indigofera hilaris*). Ek stamp (die plant) fyn en gooi water daarop in 'n potskerf en gooi die dolosse daarin. As ek hierdie dolosse uithaal sal hulle praat oor dit waaroor ek dolos gooi." (B.4). Dieselfde ngaka, L. Poane verduidelik verder (in B.5) hoedat die maan die dolosse elke maand 'oorskadu' en hulle dan maandeliks 'gewas' moet word om hulle 'wakker' te kry sodat hulle kan 'praat'. Hy gooi van die Mosokela-tsebe aambeiwortel (Pl. 78) (*Sansevieria pr. Thyrsiflora*) fyngestamp en met vars water in 'n stuk kleipot as dit nuwemaan is, en plaas die dolosse dan daarin. "Hulle moet daar slaap vanaf die aand. As jy weer opstaan haal jy hulle uit. Dit wil sê jy neem die duisternis uit hulle uit, want as jy dit nie sou doen nie, dan sal die maan hulle oorskadu, en hulle sal 'donker' word (di tla nna lefifi). Dit meen dat die dolosse elke maand op hierdie wyse 'gewas' moet word."

Waar die dolosse die mondstuk van die badimo (voorouergeeste) moet wees, en hulle opdragte moet vertolk let die ngaka voortdurend op of hulle nog reg 'praat'. Daarom sê L. Poane in (B.3): "As ek bemerk dat daar twee weke verby is sonder dat daar vir iemand dolos gegooi is, dan neem ek Serokolo (die 'Wekker' - 'n wit worteltjie<sup>(1)</sup>) met 'n pepperment-smaak, van Noord-Transvaal), en byt 'n stukkjie af en spuug die koutjies op die dolosse sodat hulle wakker gemaak kan word, en mooi sien.... As ek hulle 'werp' en vind dat hierdie dolosse nog nie mooi 'vat' (begryp) nie, dan neem ek hulle na die ashoop van my tuiste. ...Dan steek ek hulle in die ashoop en laat hulle daar vir die nag. Die volgende oggend gaan ek hulle daar uithaal en 'gooi' met hulle. Ek is nog steeds alleen. Hulle sal dan sê dat ek nou 'reg' is. Dit alles beteken dat ek hulle 'gewas' het."

---

(1) Serokolo (onseker): dit kan die wit wortel wees, of anders die wit pit van die plant.



Dit blyk duidelik dat die ngaka nie tevrede voel as die dolosse na sy mening nie reg praat nie, d.w.s. reg val nie, of dat hy nie die regte vertolking kan gee nie. Hy het 'n behoefte daaraan om in nouer voeling met sy voorouers te wees. Dit blyk dan ook duidelik as hy verder sê (in B.3): "As hulle in die as gesit word, dan is dit omdat ons almal om daardie (vuur) sit, selfs ook die vreemdeling as hy kom en gaan. ... Daar kom een wat nie ritueel rein is nie, en ons eet saam met hom. En dit is hy wat op die dolosse 'trap'." Hy verwys hier na bv. 'n 'ongewasde' wewenaar of menstruerende vrou. Hierdie familievuurherd en ashoop is die "bymekaar-komplek van al die volkere soos wat ek saam met alle besoekers om die vuur sit." Daardie 'getrapte' dolosse plaas hy dan in die ashoop en sê: "In die nag dan, sal die dolosse, waar hulle so 'vuil' is, en hulle saam met die 'onreinheid' van die besoekers in die as is, - sal die voorouergeeste hulle daar seën sodat hulle weer rein kan wees. En ook, het ons vaders wat afgestorwe is saam met ons daar voor die vuur gesit. En dis hulle, die badimo (voorouergeeste), wat saam met die dolosse die nag deurbring by die ashoop."

Nadat die dolosse dan weer 'gewek' en 'gereinig' is, is dit nodig om hulle so te hou. 'n Stukkie van die Serokolo-wortel word dan tussen die dolosse gesit, en van tyd tot tyd 'n koutjie daarvan op hulle gespuug (B.6): "As jy vir 'n siek mens dolos gooi dan byt jy daaraan en spuug die koutjies op die dolosse, sodat hy nie op die dolosse sal 'trap' met sy siekte nie, of op mý, die ngaka nie. As ek gaan om dolos te gooi, dan kou ek daaraan, sodat my hart kan 'oopgaan' en dit nie deur die dolosse 'verduister' nie en my gemoed nie 'oorweldig' word nie." Die vrees is hier dat die dolosse wat 'praat' namens die voorouergeeste hom kan oorweldig.

## 2. Die name, eienskappe en relatiewe belangrikheid van die dolosse

Dit is opmerklik om die ooreenkoms te sien tussen verskillende dingaka se dolosstelle, en dan ook die verskille wat by almal voorkom. Ook hulle vra onderling: "Is dit Malope (die boodskapper)? Waar is Kgadi? Is dit hy hierdie?" En dan tref dit mens dat die name nie deur almal dieselfde uitgespreek word nie. Dit hang natuurlik saam met dialektiese taalverskille en ook die stamkulture wat afsonderlik ontwikkel. Tog word die waarnemer getref deur die groot mate van ooreenkoms by die Tswana dingaka se dolosstelle en net so ook by die 'prysliedere' van die valwyses en die interpretasie daarvan.

Dit wil voorkom asof die NAME van die dolosse vir geslagte ver terug gaan in die verlede. Soos in Hoofstuk VIII A. 1. genoem is vir die Kgatla en trouens ook die Kwena en ander Tswanastamme, is die 4 hoofdolosse: (a) 'More-mogolo'. Die betekenis van die naam is die 'hoof manlike persoon' (Monna yo motona). Dit blyk ook uit die spreekwoord: 'More-mogolo, go betlwa wa taola, wa motho wa ipetla': 'Die hoof figuur in die dolosstel word uitgesny, maar 'n mens

moet homself uitsny'. (Sy eie karakter vorm). Vandag beteken 'more' in die gewone omgangstaal: boom, plant, medisyne, gif. (b) 'Jaro', of Sejaro of Kgadi is die junior manlike persoon. (c) 'Pubagadi', Mosadi-mogolo, Mma-Kgadi is die name van die ouer of senior vrou. (d) Kgatšane: is die junior vrou. Hierdie vier dolosse kom in die meeste Tswana stalle voor en is die belangrikste, ook in die volgorde hierbo genoem.

Willoughby het wel die 4 dolosse getel maar nie veel lig op hierdie saak gegee nie, toe hy sê (p.136): "The Becwana have ... four leading pieces (in their devining bones) called King, Queen, Jack and Jill." Lloyd egter noem reeds in 1895 die vier name: "More Mogolo, Setlapagadi, Seyarwe en Khatsane." Ook Eiselen het by die baMasemola die name: More o Mogolo, Selumi (of Jaro) en Mmakgadi teengekom. So ook het Watt en van Warmelo (1930:51): More Mogolo, Jaro, Pubagadi, Kgatšane en Modimo tussen dolosse van die Transvaal-Sotho gevind wat hulle ondersoek het.

Hanekom vermeld (1965:124) dat die vier hoofdolosse (ditaola), by die Mamabolo se name Legwane, Thwagadima, Tshilume en Lengwana is, en dat al 4 stukke van ivoor gemaak is, d.w.s. twee manlik en twee vroulik. Die astragali van die erdvark stel hier ook Modimo voor.

(e) Modimo: is die erdvark (thakadu)-dolos (theledi). Dit is interessant dat hierdie astragalus so 'n besondere vorm het dat dit feitlik altyd 'plat' val. Op die een sy: word gesê: "Modimo o robotse" (God slaap), en op die ander sy: "Modimo o adile diatla" (God het sy hande uitgebrei - in goedkeuring). Dit beteken dan dat in die meeste situasies Modimo niks sê nie, of dat hy tevrede is. Watt en van Warmelo sê (1930:51): "The thakadu (anteater) ... represents Modimo, 'The Supreme Being', in what way it is hard to say ... The anteater is said to know the spirit-world, because it digs in the earth, in which the dead are buried." In Hoofstuk V is reeds daarop gewys hoedat die Tswana ngaka glo dat sy voorouers na hul 'dood' nog onder die aarde lewe. Die kontak wat die lewende dan nog met hulle het, is by sekere grotte, rysmierneste en in drome. Nou blyk dit dat vir die Motswana, Modimo of die Opperwese ook daar in noue kontak met die voorouers is. Trouens die gebed in A.13 deur 'n ngaka by die opening van die grot Madimatla begin met die woorde: "God (Modimo) van my grootvaders, ek vra van die voorouers wat my meester is, dat u aan hulle sal gee wat ek nou hier vra...." In die skeppingsverhaal van die Batswana, soos reeds aangedui word vertel hoedat Modimo diere en mense by Lowe uit die aarde laat kom het. Lowe is die gat 7 myl noordwes van Mochudi, in 'n groot klipplaat, waar voetspore van mense en diere gesien kan word. - Hierdie is vermoedelik Boesman rotsgraveerings. Modimo is in die reël onaktief. Na die skepping het hy hom onttrek en laat die mense in 'n groot mate aan hulleself oor, om met al die middele wat hy tot hul beskikking gestel het hul eie heil uit te werk. In gevalle van groot volksrampe, kan tot Modimo gebid word, maar dan deur die voorouergeeste as bemiddelaars ten behoeve

van hul agtergeblewe kinders op aarde.

(f) Modimo o monamagadi: die vroulike godheid. Hierdie is die dolos van 'n wyfie erdvark en behartig vroulike belange en vul die manlike Modimo aan. Sy is dan eintlik die verteenwoordiger van afgestorwe moeders, oumas en oumagrootjies.

(g) 'Ditlou': olifante. Afgesien van Pubagadi en Kgatšane die twee vroulike dolosse wat soms soos in Gaorekwe se stel uit olifantstand gesny is, het sommige dingaka, soos I.M. ook nog twee ander dolosse, nl. twee plat skywe met versierings op, wat hulle ditlou noem. Die olifant is 'n groot dier wat hou van koel water in groen en koel rivierbeddings. Hy is dus 'n 'koel' dier, en daarom wil die ngaka hom in die stel hê, d.w.s. 'n manlike en vroulike olifant (vgl. B.33).

(h) Ditlou tsa metsi: skulpe. Verskeie dingaka het seeskulpe, wat hulle 'waterolifante' noem in hulle dolosstelle (vgl. B.29-B.36). In aansluiting by die ander "olifante", benadruk hulle blydskap en voorspoed.

(i) Die leeu se toon (tau) kom ook by en hy stel as kragtige, die kaptein, owerheid, of die regsaspek voor.

(j) Die varkdolos (theledi ya kolobe) stel die ngaka voor. Meermale is hier ook 'n paar: manlik en vroulik. Die vark is 'n besondere dier, omdat hy 'n ooit siek word nie'. Daarom is hy 'n baie kragtige middel. Ook word varkvet gebruik, veral die vet van 'n vlakvark vermeng met ander medisynes.

(k) Die duiker (phuti) se dolos is die boodskapper. Sy naam is Malope en met 'n 'val' van die dolosse word dan soms na hom verwys as 'n boodskap wat sal kom.

(l) Die rooibok (phala), waarvan daar ook twee is, nl. manlik en vroulik, stel die totemdier van die babina-phala voor en help met die verdere vertolking van die 'val' (vgl. B.35).

(m) Die bobbejaan (tshwene) 'Ke motho'. (Hy is 'n mens) en help met die aanvullende interpretasie (vgl. B.34).

(n) Die skilpad (khudu) 'n stukkie van sy dop onder die keel word geneem as dolos.

(o) Die steenbok (phuduhudu) kom ook by as 'Malope' (boodskapper) en is bv. 'siek' as hy op sy sy lê (B.36).

(p) Ander totemdiere se dolosse kan ook nog bykom om van die verskillende stamme aan te wys.

### 3. Die verskillende valwyses van die dolosse

Vir die ongeënsieerde lyk dolosgooiery na willekeurige fortuinvertel volgens die grille van die ngaka. By 'n nadere betragting van die valwyses en hul interpretasie blyk dit daarenteen dat hier 'n baie gekompliseerde en fyn uitgewerkte sisteem is waarvolgens die ngaka e e dinaka (die ngaka wat dolosse het), sy diagnose maak en sy behandeling voorskryf. Hier word nou net die feitlike aspek van die dolosgooiery behandel en dan word die wysgerige waardebeplanning

van die bongaka in Hoofstuk XI bespreek. In die meegaande tekste B.9 tot B.36 word sekere valle geïllustreer, die prysliedere gegee met hul vertalings en verklarende aantekeninge. Derhalwe sal hier meer aandag gegee word aan die grondliggende beginsels by dolosgooi en die sisteem van interpretasie verduidelik word.

As die ngaka gevra word om te laola (dolos te gooi) is hy gewoonlik gewillig om dit te doen. Coertze het die woord se herkoms en gebruik nagegaan en vind (1931:5) dat dit saamhang met die Oer-Bantoe woordstam lagula: om te toor, om waar te sê. layu: bevel, wet. Hy kom dan ook tot die slotsom: "Die Bechuana en Bathonga gebruik die naam 'bula': "woord" en die Basotho en Amandebele van Transvaal gebruik 'n naam wat afgelei kan word van layu: - "bevel". Die dolosse is dus die "woord", die "bevel" van iemand. Wie se woord of bevel sou dit wees?" Betreffende die draer van hierdie woord, of bevel of boodskap wat van Modimo en die badimo kom, sê Coertze dan (a.w. 6): "Die akkedis is die eintlike boodskapdraer". Die woord bula waarna hierbo verwys word kom in die omgangstaal onder die Tswana ngaka's voor as bola wat vandag 'dolos' beteken, bv. "ke laola ka bola" (ek sê waar met dolosse). By 'n betragting van die verskillende valwyses van die dolosse en hul interpretasie moet dan o.a. gelet word op hoe elke dolos geval het en wat die onderlinge verhouding van hulle ligging is.

Dit is van die allergrootste belang vir die ngaka om die dolosse almal goed deur te kyk en te sien hoe elke dolos lê: of hy trap, op sy rug lê, op sy sy lê of regop staan. Maar meer nog: die windrigting waarheen elke dolos wys, en dan ook sy verhouding tot al die ander; of hulle in 'n kring lê, of uiteenspat of in 'n bondel bymekaar lê; en ook watter dolosse aan hierdie valpatroon onderworpe is. Elke dolos stel met ander woorde 'n deel van die samelewing voor en almal saam die hele gemeenskap waarby Modimo en die voorouergeeste ook teenwoordig is, asook ander persone of stamme. Die ooste dui op die sonsopgang, 'n nuwe dag, nuwe geleenthede, hoop, verwagting, lewe. Die weste is die teenoorgestelde: naderende duisternis, vrees, agteruitgang, die dood. Die suide vanwaar die koue winterwinde, ryp, die haelstorms, die weerlig, die natuurrampe, kom - dus die rigting van teenspoed. Noord: die teenoorgestelde: onderneming, voorspoed.

#### (a) Die valwyses

Elke valwyse het 'n eie naam en 'n eie pryslied wat opgesê word sodra die ngaka die val uitken.

(i) Die twee manlike hooffigure: More-mogolo en Sejaro (of Kgadi) kan elk in vier posisies 'val': Hulle kan 'loop': Di gatile, di a tsama'a (Hulle trap, hulle loop). Dit is die posisie waarin 'n beeskloutjie normaalweg trap. Die rigting waarheen hulle loop, is dan dieselfde as waarheen die punt van die hoef wys. Hierdie is die normale 'sterk' posisie. Vervolgens kan hulle tlhakola wat beteken

'omgekeer, onderstebo' di wele motlhakola - (hulle het 'onderstebo' geval). Dit is die swakste posisie want nou lê die bees met sy pote in die lug. Hy kan op sy snykant val en soos 'n piramide staan met die voorste punt in die lug. Hierdie posisie word genoem: 'E hupile - hy hou sy asem in'. Go hupa kan beteken om groot teue water of bier te drink, of lug in te adem. Die val impliseer ontevredenheid, geheim-sinnigheid, agterdog. Die dolos kan ook op sy een kant te lande kom, asof hy regop staan, ook met dié een hoek in die lug. "E eme, e a lwa (hy staan regop, hy baklei)". Dit dui dus die veg-posisie aan. Dit is dus noodsaaklik om eerstens vas te stel hoe die twee manne geval het.

(ii) Die twee vroue-figure kan elk met die 'gesig' na bo val: Dan 'loop' of praat hulle. Of met die 'gesig' na onder lê: "o tlhakotse" - (sy het omgekeer). Dit dui op droefheid of 'n ramp. Maar nou is die rigting waarheen elkeen se voete wys van belang want sy beweeg daarheen.

In die tekste word vanaf B.11 stap vir stap met verduideliking lig gewerp op hierdie ingewikkelde kuns van die Bantoe wat alleen met die grootste toewyding volkome bemeester kan word. Dit is van groot belang om 'n duidelike begrip te kry van hierdie aspek van die ngaka se professie, en daarom word hieronder enkele fasette van interpretasie van die val-wyses bespreek:

(iii) In teks B.12 'loop' al vier die dolosse. Die twee manlike dolosse loop weswaarts terwyl die twee vroulike dolosse na die ooste gaan. Hulle beweeg met ander woorde al verder van mekaar af weg. Dan sê die ngaka: "Se se ileng se ile, se se ileng ke moswelateledi. - (Wat weg is is weg, wat weg is sterf in die vreemde). Dit wil sê: Indien hulle uitmekaar sou gaan, sal hulle nie weer bymekaar kom nie."

(iv) In teks B.13 het net die senior vrou van posisie verander en sy kyk nou ook na die weste en daarom verduidelik die ngaka: "As die Mosadi-mogolo (senior vrou) na die weste sou kyk, dan: sal sy niks met hulle te make hê nie, sy sal hulle dan verlaat. Dan het hulle geval: "Gobyane" nl. "die ontslapenes". Dit wil sê: Daar word bedoel die ontslapenes, hulle wat nie meer teenwoordig is nie."

(v) Volgens die verduideliking van dieselfde ngaka is dit egter ook nie 'n gunstige teken as almal in dieselfde rigting val en almal van die suidweste af kom vanwaar die donderweer en hael kom nie. Hy stel dit so in teks B.14: "As al die dolosse (d.w.s. hierdie 4 hoofpersone) na die ooste kyk, dan sê hulle: 'Hulle het "'n probleem" geval'. Dit wil sê: Hulle het so geval dat mens kan sien dit is 'n moeilike saak. Hulle het geval net soos hael, as dit val en sê: 'Waa!' Dit beteken dan die gevaar van hael as dit val. Dit wil sê dat hulle 'n onheil voorspel wat kan kom soos hael."



(vi) Indien almal so sou bly loop na die ooste maar net die junior vrou so val dat sy suidwaarts loop dan het dit 'n ongunstige betekenis wat meer spesifiek word en op haarself, d.w.s. op een of ander jonger vrou, betrekking het. Die ngaka stel dit so in sy eie woorde (Teks B.15): "Die Jong-vrou is uit, sy kyk na die suide. Hulle het geval: 'Bloed van 'n moeilike saak'. Dit wil sê: Dit beteken dat die skoondogter 'n siekte het wat skielik oor haar gekom het. Dit is vrouebloed. Alle soorte bloed noem ons "Morupi" en daar is 'n verduideliking voor." In Hoofstuk IX word 'vrouebloed' behandel wat 'n baie groot rol speel in die lewe van die hele samelewing en wat as die oorsaak aangegee word van baie teenspoed en ongesteldheid veral by mans.

(vii) Dit sou vir die 'Jong-vrou' op 'n persoonlike ramp uitloop indien die dolosse soos in (vi) hierbo sou val, behalwe dat die 'Ou-vrou' dan weswaarts loop, d.w.s. na die duisternis en die dood, en die twee manlike dolosse: More-mogolo en Kgadi (Jaro) met hulle pote in die lug sou val. Wanneer hulle so val, dan verduidelik die ngaka (vgl. teks B.16): "Die 'Ou-vrou' is aan hulle westekant; dit wys dat dit nie goed lyk nie.... die weste dui op verlies of die dood. ... Daar is bloed! wat weg beweeg soos die 'kalf' ('n ongebore kind) indien dit beskadig sou word." Met ander woorde die dolosse sê aan die ngaka dat hier 'n vrou is wat 'n baba verwag maar wat doodgebore sal word (of dat sy 'n miskraam sal hê).

(viii) Dit sou 'n groter ramp wees indien die dolosse almal sou lê soos in (vii) hierbo (vgl. teks B.17), maar almal is onderstebo; daar is nie een wat 'loop' nie en die 'Ou-vrou' is gerig na die weste. Die naam en verduideliking van hierdie val sê die ngaka is: "'Die onderstebo van 'n moeilike saak wat die kaptein se vrou se bedekking omgekeer het'. Dit beteken 'die dood!' Selfs as jy vir 'n man sou dolos gooi, dan moet jy weet sy vrou is dood. Of die vrou se man is dood."

(ix) Die ngaka wil graag meer spesifiek wees in sy uitsprake en dan sê hy bv. in teks B.18, waar almal onderstebo lê en oos kyk behalwe die 'Jong-vrou' wat onderstebo suid kyk: "Dit beteken dat die 'Jong-vrou' haar oorgegee het aan die magte (rampe). Sy het hulle losgemaak (haar swangerskap)... As sy lê teenoor (More-mogolo) wat onderstebo is, dan is dit 'n manlike ongeborene. As sy lê teenoor die 'Ou-vrou' wat onderstebo is dan is dit 'n vroulike 'kalf' (ongeborene). Dit beteken alles net die dood. Die ongeborene kan gebore word, maar sal reeds 'moeg' (dood) wees."

(x) Indien al die dolosse van noord na suid 'loop' met hulle 'gesigte' na bo behalwe net Kgadi (die Jong-man) en hy lê onderstebo en gerig na die ooste dan word die val genoem: 'Morupi wa pelaelo' ('Die bloed van twyfel') (vgl. teks. B.19).

(xi) Die woord Mpherefere kom dikwels voor in die prysliedere van die dolosse, en sien gewoonlik op die twee vroue dolosse as hulle 'gewas' het en rond-'loop'. Ke mpherefere: (dit is oproer, skelmstreke) of hulle is 'in beroering: hulle kry geen slaap nie'. Teks B.20 is 'n voorbeeld hiervan: Kgadi (die Jong-man) staan op sy sy: 'E epile pitso' - (Hy het 'n volksvergadering byeengeroep). Hy kom van die ooste en in hierdie posisie het hy dan iets om mee te deel, 'n boodskap wat van die ooste af kom. More-mogolo (die stamhoof) is ook op sy sy en 'luister': "Hy ontvang die woorde van sy onderdane." Die Jong-vrou is naby Kgadi en kyk na hom: "Sy gee aandag aan die Jong-man se boodskap." Die Ou-vrou kyk na die weste. Vir so 'n 'val' is die verduideliking dan: "Die Jong-man het die hoofman se volksvergadering opgeroep. 'Jong-man' is die onder-kapteins. Hierdie saak kan iets soos 'n oorlog wees. ... Hulle sal die aangeleentheid laat in die vrouens se hande aangesien hulle 'in beroering' (Mpherefere) is, d.w.s. hulle kry geen slaap nie." Hier 'openbaar' die 4 hoofdolosse nou 'n ingewikkelde situasie wat ontstaan het en wat deur die ander dolosse en daaropvolgende 'valle' sou uitgebou word.

(xii) Indien hulle soos in (xi) sou val maar More-mogolo 'trap' in plaas van op sy sy te 'luister' en suidwaarts 'loop', dan is die interpretasie: "Dit beteken die hoofman het geweier om gehoor te gee aan die woorde van die onderkapteins. "'Ke setlhako' (dit is 'n skoen) d.w.s. 'n reis. Die kaptein het hom onttrek van die saak." Dat hy suidwaarts loop beteken nie veel nie: "Want wat na die wind gegaan het (na die suide) sal weer terugkom. Die kaptein sal weer terugkom maar hy sal niks met hierdie saak te doen wil hê nie."

(xiii) Dat daar 'n reis onderneem word sou beklemtoon word indien soos in B.22 die 'Ou-vrou' onderstebo sou lê, d.w.s. 'sy het los gemaak': sy keur haar man se reis goed.

(xiv) Donderweerstoe stande sal ontstaan veral met weerlig as die dolosse soos in B.23 sou val: Kgadi (die Jong-man) het nou op sy snykant beland en staan soos 'n piramied met die punt in die lug en kyk suid (m.a.w. as die hoof sou platval in trap posisie dan loop hy suid). "'O masopye' - hy is in 'n dreuning. Hy het sy asem ingetrek en kyk na die suide. Die vrouens en die 'Ou-man' is onderstebo. As hulle so geval het sal ek vir jou sê: Die weer sal vanaand opkom met weerligte, en dit kom van die noordweste en gaan na die suidweste, maar dit gaan net met die gedreun van die weerligstrale."

(xv) Die ngaka betwyfel die egtheid van 'n boodskap soos in B.24, wanneer More-mogolo en die twee vrouens na die suide kyk en More-mogolo met 'ingehoue asem' staan, terwyl Kgadi, die Jong-man op sy rug lê. Dan word van hom gesê: "o di file phefo" (hy slaan dit in die wind). Die uitspraak is: 'Die boodskapdraer is verkeerd.'

(xvi) 'Twee pieke in dreuning teenoor mekaar' is soos in B.25, wanneer die manne elkeen met punt in die lug staan reg teenoor mekaar soos twee perde wat mekaar met die voorpote wil kap! "Hulle is die twee spitskoppe. Hulle dreun." Die twee vrouens staan vlakby: 'ba mpherefere': 'hulle is in beroering'. "Dit is wanneer mense stry en hul geeste teen mekaar kragte meet. Die gevoel van albei is, nie een is bereid om terug te staan nie. Die beëindiging hiervan is slegs 'n geveg... Dit is soos wanneer daar geveg word om die kapteinskap. Hulle moet net mekaar beetpak."

(xvii) Indien Kgadi (die Jong-man) op sy rug sou val met sy neus na die noorde, die twee vrouens naby hom in die 'beroering' posisie, en More-mogolo loop, soos in teks B.28 dan word gesê Kgadi 'gee die gees' aan die vrouens. Die ngaka interpreteer hierdie val as volg in sy eie woorde: "Hulle het 'Omkering' geval: die omkering wanneer gesê word: 'Die takheining brand en dreun'. Hulle sê: Is daar dan nie manne daar oorkant nie? As die takke brand steek hulle die ander ook aan... Is daar dan niemand wat 'n woordewisseling kan bestraf as die mense met mekaar wil baklei nie? Dit wil sê: Die Jong-man bring verwydering tussen die families sodat hulle rusie kan maak, totdat dit by die stamhoof uitkom."

(xviii) Soos reeds tevore gesê, val Modimo (Die Opperwese) die thakadu (erdvark) gewoonlik op die een of die ander sy en dan 'slaap' hy, of 'brei hy die hande' uit in goedkeuring. Maar op die grond, waar die dolosse gewoonlik gegooi word, kan hy ook nog in 3 ander posisies val: Modimo kan 'sit' met die ronde 'kop' in die lug (vgl. Reyneke, 1945 tekste par. 178). Dan is die interpretasie dat jy getoor is deur 'n persoon van aansien, bv. jou kaptein. Modimo kan regop staan op sy voetstukkie (a.w. par. 179). Dan sê die ngaka die pryslied op:

"Modimo wat by die Rita-berg is,  
 U het nie geboorte gegee nie,  
 U het 'n miskraam gehad,  
 U het geboorte gegee aan 'n rooikop-wurm.  
 Wat is mooi van u Modimo?  
 Is dit as u eet? As u vet word?  
 Of om te slaap met die weduwees? -  
 'Myne is net om dood te maak  
 Ek tref die kaptein en hy gaan eenvoudig dood..."  
(a.w. par. 146).

Die betekenis: Hierdie siekte kom van Modimo. Jy is nie getoor nie. Daar is geen ngaka wat jou kan genees nie. - Dit is die dood."

Modimo kan ook op sy kop staan met voete in die lug: o morupi: ke gore o gaketse (Hy is baie kwaad). 'Maar die ngaka kan gaan bid.' As hy (soos in a.w. tekste par. 181) op sy sy 'staan' met die punt op die grond dan word gesê: 'o a êpa' (hy grawe). Die betekenis is dat hy sê:

"Julle maak wat julle wil en sê dan dit is my skuld. Dit is nie my skuld nie." "M.a.w. ons beskuldig Modimo vir ons teenspoed wat ons oor onself laat kom het."

(xix) In Teks B.29 bring die ngaka die twee 'Water-olifante' (skulpe) by. In hierdie geval 'loop' die vier hooffigure en tussen hulle die twee skulpe. 'Di khupamarama: (Hulle is geheimsinnig). M.a.w. hulle trap op die holkant (soos 'n slak loop) en verberg of hou die geheim wat in die skulp is. Dus: almal loop rond en praat, maar daar is 'n geheim waarvan hulle nie weet nie.

(xx) In B.30 beweeg al die dolosse agter mekaar in 'n kring - almal 'loop'. Nou is dit nog 'n geheim, maar dit raak die hele gemeenskap, soos wanneer iemand weggeraak het.

(xxi) As die twee skulpe sou val met hul openinge na bo, dan 'lag' die olifante: Ke ditshego. Hulle sê m.a.w. die mense is bly. Dit is as al vier die hooffigure loop.

(xxii) Indien hulle sou val soos hierbo by (xxi), maar More-mogolo op sy rug lê en 'aan hulle die wind gee' (vgl. B.32) dan word hierdie val genoem: 'Mogolori': (Blou-kraanvoël). "As die dolosse: 'Blou-kraanvoël' geval het, dan praat hul van goedheid. Selfs as iemand siek was, dan beteken dit dat alles nou reg is; hy sal in hierdie dae weer opstaan. Dit meen alles is reg."

(xxiii) Die twee olifante (Bo-tlou) van ngaka I.M. se stel, gee vir hom 'n aanduiding van die mate van blydschap en geluk wat verwag kan word. In teks B.33 val al die ander dolosse soos in B.31 met die skulpe in die middel en hulle 'lag'. Die twee olifante wat nou bykom in B.33 'loop' noordwaarts, maar hulle is aan die westekant van die ander dolosse: "dan dui dit op groot geluk. As hulle aan die oostekant staan dan beteken dit 'n geringe geluk. As die olifante 'op hulle voete' val beteken dit: groot blydschap."

(xxiv) In B.34 verander die olifante van die posisie in B.33 genoem. Nou is hulle suid van die ander dolosse en loop weswaarts, die manlike agter die vroulike een. Maar nou kom die bobbejaan-dolos en die duiker-dolos ook by. Hulle lê bymekaar, suid van al die ander. Duiker kyk na die groep en bobbejaan kyk na duiker. Hierdie val word genoem: "Die vrolike ondersoek van die ystervarke." Die pryslied sê: "Die ystervarke het die koring in die land gevreet. Toe beskuldig hulle die olifante, omdat hulle spore so groot was." Hier gaan dit om 'n valse beskuldiging te midde van blydschap. Die bobbejaan wat skerpioene eet beskuldig die duiker dat hý die skerpioene geëet het. Maar 'n duiker eet nie skerpioene nie. So is dit bv. tydens 'n saak oor 'n ongehude meisie wat swanger is: "Sy beskuldig die een wat sy lief het, sodat hý met haar moet trou." As die dolosse dan gevra word om lig op die onderwerp en hulle sou 'Mereko-putla ya bo noko' val, dan sal die ngaka sê: 'dit is leuens en dit terwyl daar blydschap is (oor die komende baba!).'

(xxv) Die 'twee rooibokke' kom nou ook by aan die westekant en die manlike een lê op sy regter sy en kyk noordwaarts terwyl die vroulike rooibok langs hom is maar suidwaarts loop. Die vroulike olifant loop weswaarts en die manlike olifant noordwaarts. More-mogolo 'loop' ook noordwaarts. Hierdie val word genoem: "Waarom is jy bedroef - Wagter vir die oorwinningslied." Die interpretasie van die valwyse is: "Dit beteken: Wat maak jou hartseer (kaptein). Hoekom is jy treurig? Die vraag is aan die manlike rooibok wat op sy regter sy lê. Dit wil sê: hy huil, en hy treur oor sy familie. Dit sien op die sake wat hom raak, nl. aangaande sy kapteinskap, wat hom bedroef laat voel. ... Ons sien rooibok se vrou is in die pad. Sy kyk na die suide, daar waar geen vrede is nie. 'n Stat word natuurlik deur 'n vrou gebou. Deur dan so te praat van die vroulike rooibok word die stat bedoel." Met ander woorde, die vrou wil weg van haar man en maak hom bedroef. (Nota: Hierdie was 'n werklike 'val' wat toe soos hierbo vertolk is).

(xxvi) In B.36 is dan 'n volledige stel geïllustreer soos in 'n werklike 'val' toe daar in September 1965 'n pasiënt na die kgotla gebring is wat verskriklik aan die mond en neus gebloei het. Die leeu, die skilpad en die steenbok is nou ook by. "Die 'Boodskapper' (steenbok-ooi) lê in die middel op haar regter-sy; sy is siek. Die 'Ouer-man' en 'Jong-man' lê albei met ingehoue asem. Die Water (skulpe) lê 'mpherefere ya khupamarama' (in 'beroering van geheimsinnigheid'). Die olifante kyk noordoos en sê: "Die helderheid van die opgaande son. Die rooibok is 'omgekeer' (motlhakola) en stem saam met Leeu: Hy is die weerligstraal en lê op sy sy. Hy ontvang die bloed (van die kranke). Aangesien hy kyk na waar die bloed vandaan kom. Die erdvark (Modimo) sê: 'Ek is die een wat kom van die koppie waar die vrugtepitte gestamp word!' Dit beteken: Jou voorouergeeste keur dit goed. Die skilpad sê: 'Die praatjies van die Boodskapper.' D.w.s. die bloed in haar het self 'n weg gesoek en toe oopgebreek. Die bloed het vanself begin en niks het haar seer gemaak nie." Die vroulike erdvarkdolos wat Modimo o monamagadi of 'vroulike Modimo' genoem word stel hier die afgestorwe ouma of oumagrootjie voor. Die valwyse sê: O a bona! - Sy sien!

"Modimo (die manlike erdvarkdolos, d.w.s. die afgestorwe oupa) het sy skoene aan, hy loop, hy sê die pasiënt sal gesond word. Die vroulike skilpad lê onderstebo, - sy 'ontvang' ook.... Die een rooibok loop oos: 'die lig van Vader son' - dit beteken jy sal sien hoe die siekte (die kranke) verlaat. Dit is wanneer die dolosse na die ooste loop. As hulle na die weste sou draai dan sê hulle daar is nie lewe nie, en ons sê: 'Die son sak'. Hulle sê: 'Wat weg is is weg. Wat weg is sterf in die vreemde."

Die ngaka het toe die kind behandel o.a. met kerfsels van ietermagog, steenbok, haakensteekwortel en haar die dampe laat inadem en die verpoeierde laat opsnuif. Die bloeding het toe opgehou.



(b) Die prysliedere van die valwyses en hul interpretasie

Uit die voorgaande sal dit reeds duidelik wees dat daar 'n paar honderd moontlikhede moet wees van liggings en groeperinge waarin vyftien dolosse kan val. Die ngaka klop met sy dolossakkie, wat bv. van 'n muishondvel gemaak is, twee- driemaal teen die grond en skud die dolosse dan een na die ander by die nou opening uit vir die eerste val. Vir die tweede en derde 'gooi', pak hy hulle in sy twee hande, blaas daarop of stamp sy hande teen die grond of vra vir die persoon vir wie hy gooi om op hulle te blaas: "A ko o di khuelle" (Blaas asseblief op hulle). As hulle dan val, dan is daar soos hierbo verduidelik sekere 'valle' of groeperinge wat die ngaka se aandag trek: soos bv. die twee manlike beeshoewe wat baklei, of die twee skulpe wat lag of die bobbejaan wat vir die duiker vals beskuldig.

Die ngaka dink ook aan die saak waaroor hy dolos gooi en die kennis wat hy reeds daaroor het asook sy persoonlike opinie daaromtrent. Dan kom daar uit ondervinding en gebruik 'n pryslied by hom op wat op so 'n groepering betrekking het. Dit is nie willekeurig nie, maar in 'n vaste oorgelewerde vorm. Hy maak met ander woorde nie die pryslied op nie, maar vir die groepering van die paar dolosse wat sy aandag trek sê hy dan in twee tot agt sinne so 'n pryslied baie vinnig op. Dit is in argaïstiese Tswana met talle woorde in wat nie meer in die omgangstaal gebruiklik is nie. In tekste B.37 word 35 sulke prysliedere met hul vertalings gegee asook die interpretasie daarvan. Sommige dingaka 'ken' skynbaar die prysliedere beter en kan 'langer' dele daarvan opsê. Ander dingaka ken nie soveel prysliedere nie, of net gedeeltes van hulle. In elk geval gooi 'n ngaka nooit dolos en begin verduidelik alvorens hy nie eers 'n stukkie pryslied opgesê het nie.

Enkele voorbeelde kan hier ter illustrasie gegee word (uit teks B.37):- "Die melk is skoon. Ek is self skoon. Die vuilheid kom deur die een wat die emmer dra." Die betekenis is dat 'n onskuldige of skoon mens besoedel gaan word deur iemand anders wat aan hom 'n slegte besindheid sal oordra.

As twee van die hoofdolosse, 'onderstebo' val dan sê die ngaka: "Motlhakola we Lekgorokgoro o o tlhakotseng mogatsakgosi ditswalo." (Die onderstebo van 'n moeilike saak waar die kapteinsvrou se bedekking omgekeer is.)" Dit beteken: Dat hier 'n geval is van diefstal; of om iets te neem wat jy kom haal het; of om in gevangeskap weggevoer te word; of die dood.

Mpherefere se pryslied (B.37.14) sê:

"Beroering! Wat is beroering? Beroering is 'n mens;  
Beroering is die wolke: Hulle bring die hemelruim  
in beroering.  
Beroering is die aasvoëls: Hulle maal rond,  
en sien die karkas van 'n dier.  
Hulle sê: Wat se beroering is dit?  
Die beroering is aangaande die beeste;  
die beeste het nie lêplek nie  
die lêplekke van die beeste is vol weeluisse."

Die 'weeluisse' bedoel goed wat pla of byt, d.w.s. mense wat die beeste pla. Hierdie val se pryslied beteken dus: Moeilikhede?

Prysliedere vorm deel van die tradisionele poësie van die Bantoe. Daar word veel gebruik gemaak van die klank-effek van die woorde, soos bv. in B.37.21:-

"Thwagadima ya marutla a kôma!  
A ga go banna ka koo? Motse o a fsa!" Wat beteken: "Weerligstraal wat die oorwinningslied verbreek! Is daar dan nie manne nie? Die stat brand!" Dit beteken: Is daar dan nie geskikte manne (dingaka) wat die stat kan beveilig sodat die weerlig nie die stat aan die brand kan steek nie?

Vergelyk vir meer valwyses en prysliedere (Reyneke 1945:§140) en ook Hanekom (1965:128) vir 'n vergelyking van name en prysliedere by die Bamasemola soos bv. vir die valwyses: Mohlakola, Morarwana, Thwagadima, Makgolela, Morupi, Mabjana, Moraro, Masupja, Mogoluri. Hoewel die prysliedere min ooreenkoms toon, kan bv. 'n verwantskap gesien word by bv. "Moraro" wat gaan oor die beveiliging van die stat se omheining.

### (c) Uitsprake

Dit gebeur selde indien ooit dat 'n ngaka sal sê hy kan nie oor 'n saak dolosgooi nie. Die rede hiervoor is dat wanneer hy hulle gooi hulle in elk geval in 'n sekere valwyse sal val, al is dit in 'n kombinasie wat hy nog nie tevore gesien het nie. Maar, soos reeds verduidelik, sê elke dolosse ligging vir hom iets. Nou kombineer hy al hierdie betekenis en pas dit aan by die vraag.

Na bewering het dingaka al wonderlike uitsprake gegee en dinge voorspel of gesê: soos bv. waár verlore goedere of beeste is; wat dan ook presies net so gevind is soos wat hulle dan sou vertel het. Die 15 dingaka wat ondervra is vir hierdie ondersoek het egter nie een met die talle kere wat daar dolos gegooi is ooit 'n opspraakwekkende voorspelling of uitspraak gemaak wat as 'bewysstuk' ingedien kan word van die 'bonatuurlike' mag of kennis of openbaring wat die dolosse of dingaka dan sou kan gee nie. Laubscher (1937:43) het 'n sekere dolosgooier (Isanuse) in die Transkei uitgetoets deur 'n beursie met geld weg te steek, maar die dolosgooier kon 'n noukeurige beskrywing gee van wat in die

beursie is, hoe dit lyk en waar dit weggesteek was. Laubscher kom dan tot die gevolgtrekking (p.45): "I have no doubt that these 'isanuses' and 'amaggira' have a form of psychic power, which one may call psychic sensitivity, because the word 'intuition' does not cover all its phases."

Vir die Motswana, d.w.s. die stamhoof in sy kgotla, asook sy onderdane sowel as die onderwysers, en die lidmate van die kerk bly die dingaka met hulle dolosse die onweersaanbare bron van inligting oor afwykende verskynsels in die daaglikse lewe. As dit nie wil reën nie, en die hoofman sy stamgenote oproep vir 'n biddag, dan sal na die diens wat gehou is, die hoofman bv. met die mans in die kgotla (volksvergaderplek) byeenkom en dan sal ses of meer dingaka in 'n kring gaan sit en elk sy dolosse gooi. In 'n spesifieke geval was die uitsprake van so 'n aard dat een na die ander iets genoem het totdat die laaste een almal se gevoel saamgevat het deur te sê: "Kaptein, dit reën nie, omdat ons nie eenstemmig is nie. Ons is verdeeld en daarom kan Modimo ons nie seën nie. As ons eensgesind is sal dit reën. Stuur uit kaptein laat die veld 'gewas' word sodat dit kan reën."

In 'n outentieke geval het 'n Kgatla-ngaka en sy leerling na 'n jong man gegaan wat 'n geweldige hoofpyn gehad het, waaraan hy toe al 'n geruime tyd ly. Die ngaka het sy dolosse uitgeskud vir die eerste 'val'. Hulle het toe Morupi geval. Nadat die ngaka die pryslied opgesê het verduidelik hy: "Hierdie valwyse toon vir my dat die kranke (baie) siek is; sy bloed is sy siekte." Hy neem hulle weer op en blaas op hulle tussen sy hande en toe hy hulle 'n tweede keer gooi, val hulle Merêko: "Ek het toe besef dat hierdie mens so siek is: watter soort siekte hy het." Nog 'n keer word hulle opgeneem, geblaas op hulle en weer gegooi. Hierdie keer val hulle Motlhakola: "Hy is verongeluk (deur meisies)." Met ander woorde van hulle menstruasie-bloed is deur hom opgeneem. Vir die vierde maal word hulle gegooi nadat ook die kranke op hulle geblaas het (go khuela) en die pryslied word opgesê van Mosibi. Die verduideliking is: "Dit is die siekte van vroumense. Modimo (die erdvarkdolos), toon my dat hy 'n hart het. Dit is hý (die hart) wat siek is. Dit maak sy kop seer." Die ngaka vra toe vir die pasiënt of die dolosse die waarheid praat en hy bevestig dit toe.

Die ngaka het toe verduidelik dat die jong man by iemand was wat haar maandstonde gehad het en dat haar bloed in sy liggaam ingedring het, sy hart te vol gemaak het en dat sy hart die onrein bloed nou na sy kop toe opdruk wat die geweldige hoofpyn veroorsaak. Soos wat die ngaka in bg. geval vir homself en sy pasiënt kon tevrede stel oor wat presies gebeur in hierdie geval en wat die oorsaak van die siekte was, so gebeur dit met die dolosse dat oor enige saak hulle 'n uitspraak kan gee.

#### 4. Kgatla dolosgooiery vergelyk met ander stamme

Waar hierdie nie 'n vergelykende studie is van dolosgooiery van die Suidelike Bantoe nie, sou dit buite die huidige bestek gaan om hier in besonderhede daarop in te gaan. Maar wat van belang is, is om daarop te let dat die Kgatla as deel van die Batswana, en hulle weer as onderdeel van die Sotho en Suidelike Bantoe almal 'n onderlinge verwantskap toon met hul dolosgooiery. Dit geld vir die voorwerpe wat gebruik word, asook vir hul name en eienskappe, en die metodes van 'dolos-gooi'. Vergelyk vir verdere besonderhede oor die ooreenkoms by ander Bantoe-stamme: Coertze (1931:5 e.v.).

Bruwer (1956:157) wys ook daarop dat die beoefenaars van die 'divinasiekuns' onder die Sotho, Tsonga en Venda gebruik maak van 'n ingewikkelde tegniek waarin dolosse en ander divinasievoorwerpe 'n belangrike rol speel. Hy sê: "Dit is wel die toordokter wat die dolosse gooi en die ligging interpreteer, maar dit is die dolosse self wat die boodskap bring." Hy bevestig dan ook dat hoewel die dolosstelle verskil wat betref die samestellende stukke, daar tog 'n duidelike patroon is wat gevolg word in die samestelling van die stelle. Bruwer meen dat die naam ditaola gebruik word vir dolosse by Suid- en Noord-Sotho en 'bola' by die Tswana. Die aangehegte Tswana-tekste wys egter duidelik dat die woord ditaola by die Tswana net so veel of meer gebruik word as bola. Bruwer (1956:158) gee vir die Sotho-Tswana groep kortliks 'n samevattende beskrywing: "Die vier spesiale stukke vorm die kern van die stel. Hierdie vier dolosstukke is die belangrikste sleutel tot die openbaring van geheime. Hulle gee die kern van die boodskap aan, terwyl die ander stukkies die aanvullende informasie verskaf."

Hoffmann (1929:288-300) gee 'n paar insiggewende tekste oor die Noord-Sotho opvatting van waarsêery met die dolosse. Die twee valwyses Mahlakola en Mpherefere wat ook by die Tswana voorkom, word o.a. vlugtig daar beskryf. Sy vertaling op p. 290 lui: "Fallen die Würfel so, dass alle ihre Zeichen nach unten liegen und unsichtbar bleiben, dann bedeutet das Aufruhr und Unruhen." Hier moes "nach oben" vertaal gewees het, want die teks lui: "Tsa hlanola mebala ka moka ke gore di bolela mpherefere..." en dit volg net na die vorige val toe hy gesê het: "tsa thiba mabala a tsona" - vir Mahlakola (thiba - bedek). Hierdie hlanola beteken dus in hierdie geval "omgekeer" (m.a.w. anders as die vorige dus met tekens sigbaar), en dit is Mpherefere.

Frau Gieseke het met die hulp van van Warmelo (1931:257) 'n baie waardevolle bydrae gelewer oor die soorte van waarsêery by die Venda, waar hul ook o.a. die vier ivoorstukke gebruik wat hulle thangu noem en sy sê bv. (a.w. 266): "Er wirft sie sich am Morgen, ehe er die Hütte verlässt, um den Verlauf des Tages zu erkennen. Fallen sie schlecht, so bleibt er daheim und stellt sich krank. Vor Antritt einer Reise befragt er die Würfel." Gieseke het 16 prysliedere van die 4 dolosse met hul interpretasie noukeurig by die Venda aangeteken (1931:269) wat verwantskap toon met die Tswana

dolosse. So bv. is die Mufirifiri valwyse by die Venda ook as al die merktekens na bō wys en dit beteken ook soos by Mpherefere onder die Tswana: stryd, onenigheid of opstand. Die bewoording van die prysliedere self, blyk egter wyd uiteenlopend te wees tussen die Venda en Tswana.

Die gooi van dolosse en hul interpretasie het 'n baie belangrike sosiale funksie, soos wat duidelik na vore kom in Marwick se: 'Sorcery in its Social setting' (1965: 91): "The divining situation is important sociologically, since it is during divination that vague feelings of tension are organized and formulated into a belief that a particular person is responsible for a particular misfortune." Hy wys daarop hoedat die dolosgooier 'n ywerige en oplettende studie maak van die plaaslike verhoudinge van mense, wat hom dan help met sy interpretasie van die valwyses.

Junod, (1913) verbaas die hedendaagse volkekundige met die deeglikheid en objektiewe waarnemingsvermoë en nette weergawe van gegewens wat hy reeds vroeg in die Suid-Afrikaanse etnologie geopenbaar het. Hy kom wat dolosgooiery by die Thonga betref, tot die slotsom (a.w. 519) dat: "the art of bone-throwing is by no means child's play, nor a mere quackery by which astute sooth-sayers deceive their credulous fellows. It is a real art which diviners practise in all sincerity, believing themselves that they receive objective revelations through it.... Their whole life is connected with these bones, which they really love and to which they are bound..."

Ashton (1952:297) is van mening dat aangesien baie van die prysliedere van die valwyses bekend is by die Sotho 'ngaka' se toeskouers, dat hy 'n pryslied opsê wat pas by die besondere situasie eerder as die val: "the diviner uses the lithoko discriminatingly, and selects them, not so much in accordance with the actual fall, as with reference to the situation he suspects he is being called upon to divine." Die Tswana dingaka soos blyk uit die tekste B.11 tot B.65 skyn daarop gesteld te wees om vir elke spesifieke val sy eie pryslied te hê, maar sekere individuele dolosse se valle of groeperinge wat meermale voorkom se prysliedere word dan meer dikwels herhaal. Die interpretasie is wel ook by die Tswana, soos by ander stamme volgens die eise van die omstandigheid.

'n Belangrike punt om hier op te let, is dat die ngaka nie 'n 'fortuinverteller' is nie. 'n Motswana gaan nie somer uit nuuskierigheid na hom nie, maar telkens wanneer iets gebeur het wat vir hom 'n probleem skep wat opgelos moet word, soos wanneer bv. 'n bees of kind weggeraak het of iemand siek geword het. Ook wanneer daar onsekerheid is oor die toekoms, bv. met 'n reis wat beoog word, word die ngaka se dolosse geraadpleeg.

Motlamelle (1928) het met moeite in sy Ngaka ea Mosotho oór die 30 prysliedere van dolosse se valwyses in Sesotho aangeteken, maar by 'n vlugtige vergelyking met die aangehegte tekste in Afdeling B, kon nie veel ooreenkoms met die Tswana-tekste gevind word nie.



## B. WAARSÊERY DEUR MANKGWENYANE

Dit is opmerklik dat die 3 of 4 Kgatla-dingaka by wie daar navraag gedoen is, almal weet van mankgwenyane en een of ander ngaka geken het wat dit gehad het, maar nie een van die 16 dingaka by wie hierdie ondersoek gedoen is, 'n mankgwenyane gehad het nie.

Ngaka I.M. van die Kgatla, sê dat so ver as wat hy weet die mankgwenyane eintlik van Oos-Afrika af kom, van die 'Kinglwalekwa' of die 'Mazambisi'. Hulle het dit na die Bapedi gebring wat dit weer oorgedra het aan die Kgatla-dingaka. Mönnig (1967:85) gee 'n noukeurige beskrywing van die mankgonyane by die Pedi en hy sê dan ook o.a.: "The diviner has considerable control over this instrument. It can be used to indicate the direction in which one should look for a lost object or strayed stock. In a patient it can also be used to point out the exact location of a disease. It was apparently formerly used mainly for the smelling-out of witches." Hy gaan dan voort om te sê dat by die Pedi die mankgonyane tans selde gesien of gebruik word.

Volgens die beskrywing wat die Kgatla-ngaka van die mankgwenyane gee is dit 'n stok soos 'n kerie met 'n pluim van volstruisvere. Aan die kerie is 'n konsertina-agtige 'slang' wat gemaak is van houtjies wat behendig in 'n diamantpatroon aan mekaar oorkruis geheg is op so 'n wyse dat met die geringste beweging van die kerie, wat regop deur die ngaka op die grond vasgedruk word, die houtjies-slang heen en weer 'n swaaiende beweging uitvoer. Voor aan die punt daarvan is daar dan 'n 'neus' of 'bek' bv. van 'n aasvoël. Hierdie mankgwenyane-instrument word dan geraadpleeg om bv. aan te dui in watter rigting 'n bees weggeraak het, of 'n skuldige persoon mag wees. Dit is in elk geval duidelik dat hierdie metode van 'waarsêery' nie baie gewild onder die Kgatla is nie en dat hulle voorkeur gee aan die dolosse.

## C. WAARSÊERY DEUR SEGWANA

Na bewering is die segwana 'n kalbassie wat 'praat'. (Segô is die waterskep-kalbas plus die diminutief agtervoegsel -ana). Vrae word deur die ngaka aan die segwana gestel en dan kan daar duidelike antwoorde uit die kalbas gehoor word "jaaka wailese fela!" d.w.s. "net soos 'n radio!" Hierdie instrument word volgens die een ngaka veral deur die Kwaalaka ou vrouens gebruik aan die Transvaal-kant van die Limpoporivier oos van die Tuliblok. Bruwer (1956:156) sê: "Onder die Swazi word die indruk soms gewek dat die stem van die gees uit 'n kalbas afkomstig is." Dit hang waarskynlik saam met 'n vorm van buiksprekery. In elk geval is hierdie metode van waarsêery ook vreemd onder die Kgatla.

## D. WAARSÊERY DEUR 'N ORAKEL

Die gif-orakel wat so algemeen by die Azande voorkom, volgens Evans-Pritchard (1937:258 pp.) is 'n baie

seldsame verskynsel onder die Bakgatla. Slegs een ngaka het vertel dat hy in uitsonderlike gevalle 'n hoender op 'n pasiënt se kop sit, om daarmee die aard van die siekte te bepaal. Van hierdie orakel-metode sê Evans-Pritchard (1937: 259): "The method of revealing what is hidden by administering poison to fowls has a wide extension in Africa." By die Azande word 'n 'liana'-plant se wortel gebruik met 'n alkaloïde strychnine-inhoud waarvan die hoenders dikwels doodgaan en wat dan geïnterpreteer word as 'n seker teken van skuldig te wees of van toordery. In Kohler (1941:32) is 'n foto van so 'n hoender wat op 'n Zulu Isangoma se kop sit, wat Schimlek (1950:104) beskryf as deel van die inisiasieseremonie van die Isangoma: "a live fowl was placed on the head of the aspirant. Neither the wings nor the legs of the fowl were tied, but it remained on the head of the person as if mesmerized."

Junod (1913:II.449) beskryf hoe 'n hoender op die kop van 'n pasiënt geplaas word om uit te vind of 'n kranke se eggenote 'getrou' was tydens die siekte. As die hoender bly sit is dit bevestigend, maar ontkennend as die hoender wegvlieg. Die hoender wat nie wegvlieg nie word geslag en geëet om die herstel van die pasiënt te vier. By die Tswana en Kgatla in elk geval is hierdie vorm van waarsêery 'n seldsaamheid.

Die ndilo-skottel wat die Venda gebruik, is nie by die Kgatla waargeneem nie.

#### E. SIMPTOMATIESE KENNIS VAN SIEKTE

By die Tswana is dit ook soos by ander natuurvolkere wat vanweë hulle besondere lewensomstandighede vertrouwd moet wees met lewensmiddele en ook geneesmiddele wat in die natuur beskikbaar is. Elke Mokgatla groei op met 'n sekere basiese kennis van veldvrugte, blare en knolle wat hy kan eet en hy leer ook gaandeweg om vir hoofpyn of maagpyn of oorpyn sekere plante te gebruik. Met die verloop van tyd het sekere persone vanweë hulle begaafdheid en belangstelling uitblink as kenners van siekte en die regte geneesmiddel daarvoor. Soos in Hoofstuk IV aangedui, word hulle ngaka e tshopya - 'poenskop dokter' genoem omdat hulle nie dolosse het nie. Deurdat hulle arbeidsveld baie meer beperk is as die ngaka met dolosse syne, gebeur dit dat hulle as kruiedokters 'n besondere mate van kennis opdoen oor die siektes volgens hul simptome en ook van die behandeling met die talle beskikbare plante. So is daar bv. talle vorme van braking wat wissel in intensiteit, en wat die ngaka aanwend met inagneming van sy pasiënt se toestand. Dieselfde geld vir purgeermiddels waarvan sommige 'n verskriklike maagwerking aan die gang kan sit.

Omdat ook die 'poenskop dokter' nie altyd seker is van sy diagnose nie en daar altyd nog die veroorsakende faktore is wat eintlik die belangrikste is, soos bv. die voorouergereste wat ontevrede is, of iemand wat die persoon toor, is dit van belang vir die kruiedokter om dan die hulp

van 'n dolosgooier in te roep vir 'n analitiese diagnose van die bepaalde omstandighede. Indien die uitspraak sou wees dat dit nie deur kwaadgesindheid veroorsaak word nie, maar die persoon met middele behandel kan word, dan gaan die ngaka voort daarmee. Meermale voel die 'ngaka e tshopya' (kruiedokter) dat hy gestrem is deur sy afhanklikheid van 'n ander ngaka se dolosse, en dan gaan hy na 'n ngaka met dolosse vir onderrig in hierdie kuns. Van die 16 dingaka wat behulpsaam was met hierdie ondersoek was net een 'n kruiedokter sonder dolosse.

#### F. DIE VOOROUERGEESTE SE AANDEEL IN SIEKTE EN DIAGNOSE

Die Motswana wat na 'n ngaka gaan vir hulp, in tye van siekte of teenspoed, weet dat sy eie afgestorwe voorouers (badimo) die oorsaak daarvan kan wees en die ngaka weer, weet dat hy nie sonder die hulp van sy eie voorouers hierdie persoon sal kan help en sy vergoeding daarvoor kry nie. In Teskte I.1 tot I.6 word voorbeelde gegee van die beïnvloeding deur die voorouergeeste. So sê teks I.6 dan ook:- "as hy siek is, dan is dit omdat dit 'n krankheid is wat kom van sy (afgestorwe) ouers, en daardie siekte, sal begin met sy hart. Die verskynsel by hom is dat hy sal vlug (of vrees) terwyl hy slaap. Ons sal weet dat hierdie krankheid van die voorouergeeste (badimo) kom, daar hulle ook aan hom verskyn en met hom praat." In hierdie geval, bestaan die behandeling van die persoon daarin dat grond van sy of haar moeder of vader se graf geneem word, dit in 'n sakkie toe te werk en om die kranke se nek te bind. Na verwagting sal die persoon nou nie meer met die badimo praat nie, maar indien hy dit nog doen dan word die plant Pheko-ya-badimo geneem (*Chenopodium ambrosioides* L.) wat op ou stante groei, en in die pasiënt se kussing gesit (vgl. Hoofstuk VI).

Wanneer 'n kind in sy of in haar slaap rondloop dan interpreteer die Tswana ngaka dit as 'n besoek van die voorouergeeste. In teks I.2 stel die een ngaka dit as volg:- "... as daar gesê word: 'Sy het voorouergeeste ('O na le badimo'), dan beteken dit dat haar meerderes wat dood is, miskien haar ouma, van haar gehou het en toe is sy dood voordat sy haar wense aan haar kon oordra. En nou dan, in die nag kom haar ouma terug en laat haar buitekant rondloop." Die teks verduidelik dan verder hoedat die ouma aan haar dinge sê wat sy voorheen nagelaat het. Dit geld dan ook vir voorspoed of 'n besitting wat die voorouer wil hê dat hierdie persoon hom voor moet beywer. As die persoon dan die volgende dag sê: "Ek was vannag in 'n droom", dan is dit al die tyd die ouma wat 'as gees gekom' het om die opdragte aan haar te gee. Hierdie ngaka wat 'n lidmaat van die Kerk is, vind ook dat daar 'n Skriftuurlike grondslag is vir voorouerverering, want hy sê (in I.2): "Daarom word gesê: 'Eer jou vader en jou moeder'. As jy hulle eer, sal daar nie dinge na jou kom wat pla nie." Dieselfde ngaka wys daarop dat 'n voortdurende verskyning van voorouergeeste nie vir 'n mens goed is nie omdat dit gepaard gaan met hindernisse, en so 'n persoon kan later begin kwyn en maer word. So 'n persoon moet ritueel gewas word met Moologa; bergboegoe

(*Croton gratissimus*) en die mis van die visarend (Kgwadira). Dit dien as 'n reiniging, waarna die persoon deur die geeste verlaat word.

Die een Kgatla-ngaka S.M. van Botswana gebruik ook die grond van die voorouer se graf wat in 'n sakkie gewerk word om as amulet om die nek van die geplaagde te hang, maar hy voeg sout daarby omdat volgens teks I.3: 'letswai le a boloka' (sout bewaar). Hy voeg paling- of waterlikkewaanvel daarby en sê dat die voorouergeeste dan sal vertrek. Nota: boloka word ook gebruik vir 'begrawe' en as dit van die woordspeling afhang dan 'begrawe' (boloka) die sout die voorouergeeste omdat sout 'bewaar' (boloka).

Maar daar is tye wat iemand in nouer voeling met sy afgestorwe voorouers wil kom, soos in die geval van 'n pasiënt wat verwens is (kgaba het). Poane gebruik in I.4 hiervoor Mphera:bergbas (pr. *Osyris compressa*). Die betrokke persoon was homself met water waarin van die gestampde bergbas is, waarna hy sy oorlede vader by sy naam roep.

Daar is ook 'n ander vorm van vooroueraanbidding soos in I.5 aangedui: Hier is 'n skaap se hart nodig en die plant, Kgamarego. Hulle word saam gevoeg, gebraai en verkool. Dit word dan vir 'n bok ingegee saam met van die grond van die graf van die geplaagde mens se ouers. Die bok sal dan 'slaap'. Na alle waarskynlikheid sal hierdie bok dan as offer aan die voorouergeeste geslag word en sal die badimo dan tot rus kom en nie meer die pasiënt pla nie.

In I.1 vertel 'n Kgatla ngaka van Pilanesberg hoedat in 'n droom sy badimo aan hom 'n 'openbaring' gegee het en aan hom 'n menigte spinnekoppe en grasdraermiere getoon het en gesê het dat dit sy rykdom is. Hy het hulle tevergeefs almal probeer vang en toe hygend wakker geskrik. Hy sê: "Ek glo dat my voorouers weer sal terugkeer en aan my sal verduidelik wat dit beteken." Die Motswana se geloof in die besoeke van die voorouergeeste het ook konkrete openbaringsvorme soos die insiggewende stelling van teks L.18 se slot paragraaf deur twee Kgatla-dingaka duidelik toon:- "Die voorvadergeeste wandel op die aarde deurdat hulle hul geeste in roofdiere plaas wat (kos) optel soos die wolwe en die jakkalse" (L.18). Volgens die vorige paragraaf van hierdie teks kom die geeste ook in rondloper honde om kos te kom haal. Dit is dus hieruit ook duidelik dat die geeste honger word en kos kom soek en dit ook opeet.

Lévy-Bruhl (1928:235 pp.) wys duidelik daarop hoedat dit 'n algemene opvatting is by natuurvolkere dat die afgestorwenes hul lewes elders voortsit en nog kan hoor, sien, voel, honger word en dors word soos voor hul 'dood':- "Nearly everywhere primitives believe that the dead have gone somewhere else to lead a life which is fairly similar to life here below." De Villiers en Coertze stel dit as volg (1961:187): "Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat hierdie kragte net soos gewone mense tot medelye beweeg, om regverdigheid gesmeek, met geskenke behaag en

indien kwaadwillig gesind, versoen en selfs afgekoop kan word..." Jensen (1951:357) benadruk die noodsaaklikheid van voorouerverering te sien vanuit 'n diepsinnige opvatting van die lewe. Hy meen dat dit die sterkste na vore kom by die volkere wat landbou becefen: "Ein grosser Teil ihres Zeremonial-Lebens ist auf die Gemeinschaft mit den verstorbenen Ahnen gerichtet. ... man (muss) sich auf irgendeine Weise mit den Verstorbenen in Verbindung setzt. ... sie sind die wichtigere Teil der Gemeinschaft." Hy sê hierdie natuurvolkere is vasgevang in die volkstradisie, waarin hulle oplettendheid toegespits is op die verlede met die goddelike oorsprong op die verste punt daarvan. Schapera (1953:59) wys daarop hoedat veral voor die koms van die Christendom die opvatting onder die Tswana gehuldig was dat voorouergeeste (badimo) nog na hulle dood steeds belangstel in hulle kinders. "They rewarded with good health and prosperity those who treated them with becoming respect and obedience, but punished with sickness, economic loss, or some other misfortune those who neglected them or who offended against the prevailing social code, of which they were the guardians."

Die een Mokwena sê: "As my hart terwyl ek oor iets dink, vir my sê: 'Laat staan', dan is dit die badimo wat tot my spreek." (Reyneke 1945, tekste par. 67, 69). Die verklaring wat die Kwena ook gee vir geestesongesteldheid is dat die kranksinnige sô veel met sy badimo praat, dat hy nie meer die wat nog op aarde is hoor nie. Dit geld ook vir mense wat ernstig siek is en yl, wat dan praat met die voorouergeeste waarheen hul weldra gaan (a.w. par. 212). Die behandeling van 'n kranke gaan meermale ook gepaard met 'n gebed tot die badimo soos wanneer die vader van 'n baie siek kind bid: "Vaders, julle wat my voortgebring het, laat my kind vrygestel word, laat hom tog vir my los dat ek met hom kan bly. Bid tot julle Modimo dat Hy hom moet vrylaat; laat lewe soos ek ook nog in die lewe is." (Reyneke 1945 p. 89).

## G. OPSOMMING

Diagnosering van siekte en teenspoed is ook by die Kgatla-ngaka die eerste stap voordat hy met die behandeling begin, veral omdat daardie siekte soms deur Modimo toegelaat word, maar ook heel dikwels die direkte gevolg is van jou vyand wat jou lôwa (toor). Om die oorsaak noukeurig te bepaal sou vir die Motswana onmoontlik wees as dit nie was vir sy dolosse (ditaola of bola) wat hier 'n beslissing gee nie.

1. DOLOGOOIERY is vir die Motswana-ngaka die spreke van sy badimo (voorouergeeste) om vir hom duidelik te lei in 'n onsekere wêreld vol teenslae en dreigende gevare.

(a) Die maak, krag gee en 'opwek' van die dolosse vorm 'n besondere afdeling van die ngaka se opleiding en professie. Dit blyk dat die vier hoofdolosse: More-mogolo, Jaro, Kgadi en Kgatšane asook Modimo, algemeen onder die Tswana voorkom en ook by etlike van die ander Bantoesamme. Daar is ook 'n mate van ooreenkoms in die versieringspatrone van die dolosse. Volgens 'n ingewikkelde proses moet die



dolosse 'gewas' word sodat hulle in aanraking met die voorouergeeste kan kom en namens hulle kan praat. Hulle word 'wakker gemaak' en word ook so gehou sodat hulle te alle tye die badimo se boodskappe kan oordra aan die ngaka.

(b) Die name, eienskappe en relatiewe belangrikheid van die dolosse is aan al die Kgatla dingaka bekend, en wel in so 'n mate dat twee of drie van hulle bymekaar aanvullende opmerkings maak oor die valwyses en hul interpretasies. Die vier hoofdolosse by die Tswana is die twee beeskloutjies More-mogolo en Jaro, wat die senior en junior manlike persoonlikhede voorstel en dan die twee vroulike figure Pubagadi en Kgatšane uit ivoor gesny. 'n Vyfde is die erdvark (thakadu) dolos (theledi) wat Modimo (die Opperwese) voorstel. Soms is daar twee van hulle: die manlike en die vroulike godheid. Dan het sekere dingaka nog twee ander stukke wat hulle ditlou (olifante) noem en wat van olifant-tand gemaak is. Twee seeskulpe wat ditlou tsa metsi (water-olifante) genoem word kom ook by om vreugde en voorspoed te simboliseer. Die tau (leeu se toon) stel die kaptein of owerheid voor. Die varkdolos (theledi ya klobe) is die ngaka. Die duiker, rooibok, bobbejaan, skilpad en steenbok dolosse kan ook bygevoeg word om mense van daardie totemgroepe voor te stel.

(c) Die valwyses van die dolosse gaan gepaard met prysliedere in argaïstiese Tswana, vir elke val. Die naam van die val en die woorde van die pryslied dui heen op 'n sekere tipe van interpretasie wat volgens die omstandighede aangepas word. 'n Ngaka kan selfs 15 dolosse in een stel hê en met die moontlike wyse waarin elkeen kan val, asook die onderlinge verhouding, gee dit die moontlikheid van 'n paar honderd verskillende valwyses. Die ngaka konsentreer op die vier hoofdolosse en vul sy uitspraak dan aan met wat die ander dolosse te kenne gee. Vir feitlik enige onderwerp of situasie kan enigeen na 'n ngaka gaan en vra: "A ko o ntaolele ka bola" (Gooi vir my asseblief dolos), en hy sal gereed wees om navraag te doen en die antwoord te verstrek, vir 'n vergoeding.

(d) Dit blyk dat daar merkbare ooreenkomste is tussen die gebruik van die divinasiekuns by die Kgatla, die Tswana en die ander stamme van die Suidelike-Bantoe soos die Pedi, Sotho, Tsonga en Venda. Coertze (1931), Bruwer (1956), Hoffmann (1929), Hanekom (1865) Giesekke en van Warmelo (1931), Marwick (1965), Junod (1913), Ashton (1952) behandel die valwyses van dolosse by die aanverwante stamme wat sekere van die ooreenkomste met die Tswana na vore bring.

2. WAARSÊERY deur mankgwenyane wat ook by die Pedi voorkom, is bekend maar seldsaam onder die Kgatla (vgl. Mönnig 1967:85).

3. Waarsêery deur die kalbassie (segwana) is vreemd aan die Kgatla.

4. Waarsêery deur die orakel van bv. 'n hoender op die pasiënt se kop te sit kom in uitsonderlike gevalle voor, waarskynlik as vreemde invloed van Nguni oorsprong. Vgl. Kohler (1941), Schimlek (1950), Junod (1913), asook Evans-Pritchard (1937) by die Azande.

5. Simptomatiesiese kennis van siekte kom ook by die Kgatla-dingaka voor en veral by die kruiedokters wat oor waardevolle kennis beskik, oor die geneeskrag van sekere plante.

6. Die badimo speel ook 'n baie belangrike rol as oorsaak vir siekte. Volgens uitspraak van die dolosse sal hulle dan versoen moet word deur 'n offerande. Die geeste maak na bewering 'n persoonlike besoek en praat self met die kranke. 'n Persoon wat te veel deur die badimo besoek word begin kwyn en moet daarom ritueel gewas word. Die besoeke van die badimo word as van groot belang beskou, omdat hulle die ouers is, wat hulle wil en opdragte moet bekendmaak vir getroue uitvoering deur hulle kinders. Soms plaas die badimo hul geeste in diere soos wolwe, jakkalse en rondloperhonde. Indien hulle egter in jong kinders invaar, dan sal die vader tot hulle bid om die kind in die lewe te laat.

-----